

HOOFSTUK 5

DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 8:27–10:52¹²¹

INHOUD

5.1. INLEIDING

5.2. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 8:27-9:1

5.2.1. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-33

5.2.1.1. Die belydenis van Petrus

5.2.1.2. Die eerste lydens- en opstandingsaankondiging (Mark 8:31)

5.2.1.3. Die optrede van Petrus streng afgekeur (Mark 8:32 & 33)

5.2.1.4. Gevolgtrekking

5.2.2. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:34-9:1

5.2.2.1. Sleutelwoorde en struktuurmerkers in Markus 8:34-9:1

5.2.2.2. Oproep om Jesus te volg (Mark 8:34)

5.2.2.2.1. As iemand agter My wil aankom

5.2.2.2.2. Moet hy homself verloën

5.2.2.2.3. Sy kruis dra

5.2.2.2.4. En My volg

5.2.2.2.5. Gevolgtrekking

5.2.2.3. Motivering vir die navolging van Jesus (Mark 8:34-38)

5.2.2.3.1. Eerste motivering vir die navolging (Mark 8:35)

5.2.2.3.2. Tweede en derde motivering vir die navolging (Mark 8:36 & 37)

¹²¹ Die hoofnavorsingsvraag wat in hierdie hoofstuk ondersoek word is: Wat is die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-10:52?

5.2.2.3.3. Vierde motivering vir die navolging (Mark 8:38)

5.2.2.4. Markus 9:1 as afsluiting van 8:34-9:1

5.2.2.5. Gevolgtrekking

5.3. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 9:30-37

5.3.1. Die tweede lydens- en opstandingsaankondiging (Mark 9:31)

5.3.2. Die onbegrip van die dissipels (Mark 9:32-34)

5.3.3. Regstellende onderrig (Mark 9:35-37)

5.3.3.1. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 9:35

5.3.3.2. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 9:36 & 37

5.3.4. Gevolgtrekking

5.4. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 10:32-45

5.4.1. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-34

5.4.1.1. Die onbegrip van die dissipels (Mark 10:32,35 ev, 41)

5.4.1.2. Die derde lydens- en opstandingsaankondiging (Mark 10:32-34)

5.4.2. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:35-40

5.4.2.1. Die versoek van Jakobus en Johannes (Mark 10:35 & 37)

5.4.2.2. Jesus se beker en doop (Mark 10:38)

5.4.2.3. Jakobus en Johannes se beker en doop (Mark 10:39)

5.4.2.4. Gevolgtrekking

5.4.3. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:41-45

5.4.3.1. Die onbegrip van die ander 10 dissipels (Mark 10:41)

5.4.3.2. Die wêreldse praktyk van heers/baasspeel (Mark 10:42)

5.4.3.3. Die radikaal verskillende optrede van Jesus se volgelinge (Mark 10:43 & 44)

5.4.3.4. Die motivering vir die navolgingsdiens (Mark 10:45)

5.4.3.5. Gevolgtrekking

5.5. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 10:46-52

5.5.1. Agtergrondskildering

5.5.2. Die hulpgeroep langs die pad

5.5.2.1. 'n Blinde bedelaar

5.5.2.2. Die goeie nuus gehoor

5.5.2.3 Seun van Dawid, ontferm U oor My

5.5.2.4. Die onbegrip van die mense

5.5.2.5. Bartimeus hou aan roep

5.5.2.6. Gevolgtrekking

5.5.3. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:49-52

5.5.3.1. Jesus gaan staan

5.5.3.2. Roep hom!

5.5.3.3. Die geloofsreaksie van Bartimeus

5.5.3.4. 'n Belangrike vraag

5.5.3.5. Die blinde se hartsbegeerte

5.5.3.6. Jesus bewerk verlossing

5.5.3.7. Navolging van Jesus

5.5.3.8. Gevolgtrekking

5.6. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

5.6.1. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-9:1

5.6.2. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 9:30-37

5.6.3. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-45

5.6.4. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:46-52

5.1. INLEIDING

In die lig van die ondersoek na die huidige stand van navorsing¹²² (Hoofstuk 2), die sosiohistoriese¹²³ en literêre¹²⁴ konteks van die Kersevangelië (Hoofstuk 3) en die openbaringshistoriese konteks¹²⁵ (Hoofstuk 4) van die "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27-10:27, fokus hierdie hoofstuk op die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-10:52 wat verband hou met die drie lydens- en opstandingsaankondigings en die verbandhoudende regstellende onderrig deur Jesus wat in hierdie Skrifdeel voorkom. Eers word die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-9:1, daarna in Markus 9:30-37, vervolgens in Markus 10:32-45 en ten slotte in Markus 10:46-52 ondersoek. Die hoofstuk word met samevattende gevolgtrekkings en 'n slotsom afgesluit.

¹²² **Uit die stand van navorsing** oor die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging blyk dit dat twee sake, naamlik Christologie en dissipelskap deurentyd in noue samehang figureer. Sonder Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging kan daar nie van 'n navolgingsimplikasie in die Markusevangelië sprake wees nie. Die verkondiging van die evangelie deur en oor Jesus is dus gerig op verlossing en navolging as implikasie, alhoewel dit vir diegene wat nie glo nie, verreikende oordeelsimplikasie het.

¹²³ **Uit die sosio-historiese konteks** blyk dit dat die geadresseerdes van die Markusevangelië in 'n situasie van vervolging of moontlike vervolging was. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging word deur die skrywer aan die geadresseerdes in hulle unieke situasie (s) gerig en hoe hulle in hulle situasie (s) op hierdie verkondiging moes reageer.

¹²⁴ **Uit die literêre konteks** blyk dit dat Markus 8:27-10:52 as sentrale dissipelskapgedeelte getipeer word. In hierdie Skrifdeel, soos in die res van die Markusevangelië, vervul die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging 'n belangrike funksie ten opsigte van die dissipels en ander persone wat vermeld word, asook die geadresseerdes van die Markusevangelië.

¹²⁵ In hierdie hoofstuk word aangesluit by die **Openbaringshistoriese konteks** van die Seun van die mens-uitsprake in die Ou en Nuwe Testament. Jesus verkondig Homself as die Seun van die mens: 'n koninklike heerlikheidsfiguur (vgl Dan 7:13 ev) maar ook 'n nederige lydensfiguur, o.a. die Dienaar van God (Jesaja), die lydende Regverdige (Psalms) en Herderfiguur (Sagaria).

5.2. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 8:27-9:1¹²⁶

In die ontleding van Markus 8:27-9:1 word onderskei tussen die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-33 en Markus 8:34-9:1.

5.2.1. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-33

Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-33 is van toepassing op Petrus, die ander elf dissipels en die geadresseerdes van die Markusevangelie. Eers word die belydenis van Petrus (8:29), dan die eerste lydens- en opstandingsaankondiging van Jesus (8:31), daarna die onbegrip van Petrus (8:32) gevolg deur Jesus se regstellende διακονία in woord- en daadverkondiging (8:33). Ten slotte volg die gevolgtrekkings ten opsigte van die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-33.

5.2.1.1. Die belydenis van Petrus

Navorsers aanvaar dat van Markus 8:27 af 'n keerpunt in die Markusevangelie kom (Best, 1981:146; Theissen, 1983:208, 295; Broadhead, 2001:78) met die klem op Jesus se lyde en sterwe en opstanding (vgl 8:31; 9:9, 12; 9:31; 10:32-34; 45). Die lydens- en opstandingsaankondigings van Jesus op pad na Jerusalem word voorafgegaan deur twee vrae¹²⁷ oor wie Jesus is. In Jesus se tweede vraag kom die teenstellende partikel δὲ voor (Gundry, 1993:426 ev) wat die mense (οἱ ἄνθρωποι) en die dissipels (ὁμοῦς) se opinies kontrasteer (vgl Lane, 1988:289, Breytenbach, 1984:208). Die mense se opinies is onvoldoende (Lane, 1988:290). Die tweede vraag word ingelui deur die voornaamwoord ὁμοῦς wat emfaties gebruik word en losstaan van die werkwoord: "Maar julle", vra Hy hulle, "wie sê julle, is Ek?" (8:29a) (Bratcher, 1961:261). Die tweede antwoord wat die dissipels moet verskaf, impliseer dat 'n duideliker antwoord nodig is.

¹²⁶ Die eerste subnavorsingsvraag is: Wat is die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-9:1?

¹²⁷ Vrae vervul 'n belangrike retoriese funksie in die Markusevangelie (vgl Robbins, 1984:156 ev; Santos, 2003:152 ev).

Petrus antwoord ook op 'n emfaties wyse namens die dissipels: "U is die Christus"¹²⁸ (Taylor, 1987:376; Bock, 2002:230 ev). Dit is Jesus wat die vrae vra, maar uiteindelik is dit Hy wat die volledige antwoord bied (8:31; 9:31; 10:32-34, 45) met sy διακονία in woord- en daadverkondiging op pad na en uiteindelik in Jerusalem.

5.2.1.2. Die eerste lydens- en opstandingsaankondiging (Mark 8:31)

Jesus lig sy διακονία in woordverkondiging aan sy dissipels toe met sy daadverkondiging. Eers moet Hy oorgelewer en doodgemaak word en daarna moet Hy opstaan (vgl Lenski, 1964:338). Die hele eerste lydens- en opstandingsaankondiging het die Seun van die mens as subjek en word beheers deur die onpersoonlike hulpwerkwoord δεῖ gevolg deur vier Aoristusinfinitiewe¹²⁹ (vgl Breytenbach, 1984:208; Bratcher, 1981:107). Vir Jesus is sy lyde en sterwe nie 'n onafwendbare lot wat oor Hom kom nie, maar 'n goddelike opdrag waaraan Hy Hom gehoorsaam onderwerp (vgl Bolkestein, 1977:183; Santos, 2003:157).

Jesus sê Hy moet "baie ly" of "baie dinge ly". Sommige navorsers verklaar πολλά παθεῖν adverbiaal: Hy moet "baie ly" (Gundry, 1993:429). Ander navorsers verklaar dit as direkte voorwerp van sy lyde: Hy sal "baie dinge ly" (Lane, 1988:301; Taylor, 1987:377; Bratcher, 1981:106; vgl Lenski, 1964:339; Evans, 2001:16). Beide verklarings is moontlik (Bratcher, 1981:106). Die adverbiale verklaring dui dan op die intensiteit van Jesus se swaar lyding, terwyl die direkte voorwerp as verklaring op al die baie dinge wat in sy lyde met Hom sal gebeur. Na sy onafwendbare lyde en sterwe, moet en sal Hy opstaan (Aoristus infinitief aktief). Dit is buitengewoon (vgl ook Mark 9:9, 31; 10:34; 14:28) en plaas die lydensgebeure in nuwe lig (Breytenbach, 1984:209). In die kruis en opstanding van Jesus word die geheim van die koninkryk van God verberg, maar ook

¹²⁸ Die benaming Christus kom na 1:1 die eerste keer weer hier voor (France, 2002:329) en verskeie kere daarna in die tweede hoofdeel van die Markusevangelie, met die klem op Jesus se lyde en sterwe. Jesus wys die belydenis van Petrus nie af nie (vgl Lane, 1988:296).

¹²⁹ Al vier Aoristusinfinitiewe noem slegs die gebeure (Conradie *et al.* 1995:189). Die eerste (παθεῖν) en vierde (ἀναστῆναι) infinitiewe is in die Aoristusaktief-vorm, terwyl die tweede (ἀποδοκιμασθῆναι) en derde (ἀποκτανθῆναι) infinitiewe in die Aoristuspasief-vorm voorkom. Die Seun van die mens sal enersyds volgens God se plan baie ly, verwerp word, sterf en opstaan, terwyl die twee Aoristus- passiewe infinitiewe ἀποδοκιμασθῆναι en ἀποκτανθῆναι die rol wat mense hierin sal speel, vermeld (Breytenbach, 1984:209).

geopenbaar. Uiteindelik sal die Seun van die mens as Oorwinnaar kom in die heerlijkheid van sy Vader (Mark 8:38; Lane, 1988:294, 303).

5.2.1.3. Die optrede van Petrus streng afgekeur (Mark 8:32 & 33)

Jesus praat reguit met sy dissipels (vgl Best, 1981:24; Lane, 1988:303). Hy skok hulle. Petrus neem Jesus een kant en bestraf hom. Petrus se reaksie is begryplik maar onaanvaarbaar, want dit is strydig met die wil van God (vgl Lane, 1988:304). Petrus se gebrek aan insig in die lydensevangelie is so groot dat hy hom aanmatig om Jesus te verbied om so te praat (Van Bruggen, 2002:189). Die Christus-belyer word die Christus-teenstander (Groenewald, 1981:96). Petrus oorskry sy bevoegdheid as dissipel. Hy beskou Jesus net as 'n heerlikheidsfiguur (Barnett, 1991:168 ev) en nie as die Christus wat moet ly nie. Jesus se lyde en sterwe is saam met sy opstanding die wesenlike inhoud van Jesus se Messiaanse identiteit (Edwards, 2002:254 ev; vgl ook Witherington, 2001:243). Petrus berispe Jesus een kant, terwyl Jesus vir Petrus in die teenwoordigheid van die ander dissipels tereg wys met "Gaan weg agter my Satan" (8:33)¹³⁰, dieselfde woorde waarmee Satan bestraf is (vgl Mat 4:10; vgl Lenski, 1964:345; Taylor, 1987:379 ev). Petrus se plek is egter nie langs Jesus nie, maar agter Jesus. Hy moet nie vir Jesus leer nie, maar hom in nederigheid deur Jesus laat leer (Van Leeuwen, 1928:148; Cranfield, 1963:280). Bevraagtekening van Jesus se lyde en sterwe beteken om die dinge van die mense te bedink in plaas van die dinge van God soos dit hoort by 'n volgeling van Jesus wat onvoorwaardelik buig voor die wil van God (8:33; vgl Jes 55:8 ev).

Die dinge van God verwys na die lyde, sterwe en opstanding van Jesus wat moet gebeur (vers 31). Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging verteenwoordig die "dinge van God", terwyl Petrus in sy onbegrip die "dinge van die mense" verteenwoordig wat geen ruimte laat vir God se plan nie (Lenski, 1964:346; Gundry, 1993:433). Die dinge van God en die dinge van die mense is onversoenbaar (vgl Grundmann, 1989:220). Petrus, die ander dissipels en die geadresseerdes word teruggedroef tot die bedink van die dinge van God (vgl Grundmann, 1989:221). Slegs deur Jesus te volg, kan mens die dinge van God bedink en jou vereenselwig met Jesus se lydens- en opstandingsaankondiging (Gundry, 1993:433).

¹³⁰ Die motivering vir Jesus se bestraffende bevel aan Petrus word ingelei met die redegewende partikel *οτι* (Lenski, 1964:346). Die teenstelling tussen die bedink van die dinge van God en die dinge van die mense word deur die gebruik van die teenstellende voegwoord *αλλά* uitgedruk (vgl Lenski, 1964:346; Gundry, 1993:433).

5.2.1.4. Gevolgtrekking

Jesus stel met sy διακονία in woord- en daadverkondiging die dissipels en geadresseerdes van die Markusevangelie voor die vraag "Wie sê julle is Ek?" Elke aangesprokene word deur die διακονία van Jesus in woord- en daadverkondiging voor 'n keuse gestel. Hierdie geloofskeuse hou verband met Jesus se uitnodiging aan die geadresseerdes: "Elkeen wat My wil volg ..." (8:34; vgl 1:14 & 15). Elkeen wat vir Jesus wil volg moet die wil van God onvoorwaardelik aanvaar en bedink. Om gered te word moet in Jesus Christus, die paradoksale Seun van die mens, geglo word.

5.2.2. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:34-9:1

Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:34-9:1 is op die dissipels en die skare en die geadresseerdes van die Markusevangelie van toepassing (Mark 8:34). Ten einde die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:34-9:1 vas te stel word sleutelwoorde en struktuurmerkers in Markus 8:34-9:1 aangetoon. Dit word opgevolg deur Jesus se uitnodiging aan enige iemand wat Hom wil volg (8:34) en die drie vereistes wat Jesus vir elke volgeling stel. (8:34). Daarna word die uitnodiging om Jesus te volg in vers 35-38 gemotiveer. Hierdie Skrifdeel word afgesluit met die verkondiging van Jesus dat die koninkryk binnekort aan sommiges daar teenwoordig met krag geopenbaar sal word (9:1). In die gevolgtrekking word die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:34-9:1 verwoord, waarna die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-9:1 saamgevat word.

5.2.2.1. Sleutelwoorde en struktuurmerkers in Markus 8:34-9:1

Die volgende sleutelwoorde kom in Markus 8:34-9:1 voor: θέλει (8:34 & 35); ψυχή (2 x in 8:35), 36 & 37; σφζω (2x in 8:35); ἀπόλλυμι (2x in 8:35) en ἐπαισχύνομαι (2x in 8:38). Die volgende ooreenstemming in grammatikale struktuur kom voor: εἴ τις θέλει ... in 8:34 korrespondeer met ὅς γὰρ ἐὰν θελῃ ... in 8:35; ὅς γὰρ ἐὰν ... in 8:35 met 8:38; τί γὰρ ὠφελεῖ... in 8:36 korrespondeer met τί γὰρ δοῖ in 8:37. ἡ Γὰρ - ketting kom in 8:35-38 voor (vgl Santos, 2003:161). In vers 35-37 kom die sleutelwoord ψυχή voor, terwyl verse 38 en 9:1 dieselfde sinstruktuur en woordorde weerspieël; ὅταν ἔλθῃ korrespondeer met ἕως ἃν ἴδωσιν ... (vgl Lane, 1988:306). Dit kan soos volg voorgestel word:

A τις (8:34)

B ὅς γὰρ ἐμοῦ (8:35)

C τί γὰρ....ἄνθρωπον.... τὴν ψυχὴν αὐτοῦ (8:36)

B' ὅς γὰρ.... με,... ἐμοῦς(8:38)

A' τινες..... (9:1) (vgl Santos, 2003:161 ev)¹³¹.

5.2.2.2. Oproep tot navolging (Mark 8:34)

Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:34 kom na vore in die uitnodiging van Jesus aan elkeen wat dit hoor om Hom te volg. Eers word die algemene aard van die uitnodiging hanteer en daarna die implikasie wat dit het vir elkeen wat hierdie uitnodiging aanneem en Jesus wil volg.

5.2.2.2.1. As iemand agter My wil aankom

Jesus rig die uitnodiging tot navolging tot "iemand" (8:34) (vgl "wie ook al" in 8:35, 38 en "n mens" in 8:36 & 37. Hierdie onbepaalde reële voorwaarde-sin (8:34) word tot die dissipels, die skare en die geadresseerdes gerig. Enige persoon wat hierdie uitnodiging hoor, kan Jesus volg. Agter Jesus aan kom,¹³² impliseer vir die dissipels en die oorspronklike toehoorders veel meer as bloot 'n fisiese agter Jesus aangaan. In 8:34 word van die dissipels, elkeen in die skare en die geadresseerdes 'n antwoord op Jesus se uitnodiging verwag (vgl Santos, 2003:162; Best, 1986:5). In Markus 8:27-9:1 word Jesus geopenbaar as die Christus, die Seun van die mens wat moet ly, sterf, opstaan en weer kom. Navolging¹³³ het met 'n persoonlike geloofs- en bekeringsverhouding met God en met Jesus te doen (vgl 1:14 & 15). Die inisiatief berus by God en by Jesus (vgl

¹³¹ Die chiasme beklemtoon die teenstelling tussen twee teenoorstaande waarhede in die diskoers (teks), naamlik die waardelose resultaat om wêreldse sukses te soek ten koste daarvan om 'n suksesvolle geestelike lewe te hê. Vers 36 vorm die sentrum van die chiasme: "Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?" Die chiasme spoor die geadresseerdes aan om aandag te gee aan die oproep van die paradoksale diskoers: verloën jouself, dra jou kruis, volg Jesus (8:34) en die daaropvolgende verloor van jou lewe ter wille van Jesus en die evangelie (8:35) (Santos, 2003:162).

¹³² Hierdie uitnodiging hou verband met die vroeëre uitnodiging van Jesus aan die dissipels (Mark 1:17; 20a; 3:13a) en Levi (2:14a) en die onmiddellike reaksie daarop (1:18; 20b; 3:13b; 2:14b).

¹³³ Jesus moet gelowig as verlosser gevolg word (8:31, 34 vgl ook 9:31; 10:32-34; 45; 14 & 15); Vir die volgelingen behoort alles om Jesus en God te wentel (8:33); Ter wille van Hom en die evangelie (8:35) neem die navolging die vorm aan van lewe verloor.

9:37) terwyl die hoorder daarop moet reageer. Jesus gebruik ὀπίσω μου saam met 'n werkwoord van beweging,, naamlik ἀκολουθεῖν (Best, 1981:36). In die navolging as implikasie gaan dit om 'n doelbewuste keuse en beweging agter Jesus aan volgens die vereistes wat Hy vir sy hoorders stel.

In die protasis in Markus 8:34 word 'n onbepaalde reële voorwaardesin in die praesens gebruik wat die moontlikheid stel dat enigiemand wat met Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging gekonfronteer word, voor 'n keuse gestel word of hy 'n volgeling van Jesus wil wees/word. In die apodosis word hierdie onbepaalde reële voorwaardesin beperk tot al drie vereistes waaraan iemand moet voldoen om volgeling van Jesus te word en te wees. Die antwoord op Jesus se uitnodiging is dus vir die gewillige volgeling selfverloëning, kruisdra en voortgesette navolging¹³⁴ van Jesus die lydende Seun van die mens wat opstaan en weer kom.

5.2.2.2.2. Moet hy homself verloën

Die Aoristusimperatief-mediumvorm van ἀπαρνέομαι word gebruik. Waar die aktiefvorm gerig is op die handeling uitgaande van die subjek na iets buite homself, stel die mediumvorm die gebeure voor as iets wat binne die persoonlike sfeer van die doener bly. Die mediumvorm word reflektief vertaal: "hy moet homself verloën" (Cronje, 1995:325). Selfsug en persoonlike begeertes is nie meer die fokus nie (vgl Hooker, 2001:208). Arndt (2000:97) dui die volgende betekenismoontlikhede vir ἀπαρνέομαι aan: "Om onselfsugtig op te tree, jouself te verloën". Louw en Nida (1989,1:356) verklaar ἀρνέομαι(d) ἀπαρνέομαι(b) soos volg: "Om te weier om te dink aan of om besorgdheid uit te spreek vir, om te verontagsaam, geringskat, geen aandag gee aan, om Nee te sê vir". Hierdie woorde kan soms figuurlik of idiomaties verklaar word, byvoorbeeld "om te weier om aandag te gee aan dit wat jou eie begeertes wil hê" of "om te weier om te dink aan wat 'n mens net vir jouself wil hê". Selfverloëning beteken om nee te sê vir jouself (Louw & Nida, 1989,1:356 ev).

¹³⁴ Die eerste twee imperatiewe is Aoristusimperatiewe gevolg deur 'n derde imperatief in die praesensvorm. Die twee Aoristusimperatiewe word deur Hendriksen (1976b:330) as ingressiewe Aoristusvorme beskou, terwyl Cronje *et al.* (1995:93) meen dat die Aoristusimperatiewe bloot die optrede wat vereis word, noem. Laasgenoemde verklaring word aanvaar. Die Aoristusvorme kan moontlik ook as algemeen geldende uitsprake oor navolging beskou word. Die derde imperatief wat in die praesensvorm voorkom dui op 'n proses wat voortduur (Best, 1981:33; 1986:7 ev).

Hierdie eerste vereiste lê ten grondslag van die ander twee. Nee vir jouself, vir jou verwagtinge, planne en ambisies, vir jou voorkeure en afkeure, of iemand wat die naaste aan jou is en jou dierbaarste is ter wille van Jesus (Bruce, 1983:152). Selfverloëning moet nie verwar word met die aflegging of ontsê van dinge vir jouself nie, byvoorbeeld deur askese of selfdisipline. "It is not the denial of something to the self, but the denial of the self itself"¹³⁵ (Best, 1981:37). In die selfverloëning gaan dit om die aflê van die eie persoon of eie wil in sy totaliteit wat sondig is ter wille van die Persoon van Christus. Daar is slegs een moontlikheid: jy verloën jouself en dan is die weg oop vir die navolging of jy verloën Christus en dan is navolging nie moontlik nie (Duvenage, 1954:178). Niks en niemand is belangriker as Jesus en om Hom te volg nie. Elkeen wat Jesus wil volg, moet homself verloën deur die eie wil prys te gee ter wille van God se wil (Bratcher & Nida, 1961:265).

5.2.2.2.3. Sy kruis dra

Die radikale selfverloëning is 'n voorwaarde vir kruisdra. Kruisdra word parallel aan die lyding van Jesus gebruik (Breytenbach, 1984:220). Die eerste opdrag tot selfverloëning word versterk en geïntensiveer deur die metafoor van 'n ter dood veroordeelde man op pad na die plek van teregstelling (Lane, 1988:307). Om jou kruis te dra het beteken om op die mees pynlike en skandelijke wyse te sterwe soos Jesus gesterf het (Bratcher & Nida, 1961:265). Wat die ter dood veroordeelde onder dwang doen, doen die dissipel van Jesus vrywillig. Hy aanvaar die lyding en vervolging en moontlik selfs die dood wat vir hom bestem mag wees (Hendriksen, 1976b:330). Arndt (2000:941) verklaar kruisdra as die lyding en dood wat die gelowige op homself moet neem in die navolging van sy Here. Louw en Nida (1989,1:286) verklaar καὶ ὁπάτω τὸν σταυρὸν αὐτοῦ op soortgelyke wyse as 'n idiomatiese uitdrukking wat beteken "om voorbereid te wees om swaar lyding te verduur selfs tot die dood toe en vertaal dit soos volg: 'Om voorbereid te wees om te ly selfs tot die dood toe, om jou kruis op te neem'." Louw en Nida (1989,1:286) vertaal Markus 8:34 soos volg: "hy moet homself vergeet, bereid wees om lyding te verduur, selfs te sterwe". Hierdie metafoor beteken nie dat daar soos Jesus gesterf moet word nie, maar dit kan van 'n volgeling vereis word (vgl Mark 13:9-13). Kruisdra is as sterwensbereidheid 'n noodwendige tweede vereiste vir die navolging van Jesus (Breytenbach, 1984:220; Lane, 1988:303). Dit is moontlik dat Markus sy

¹³⁵ "It is the opposite of self-affirmation, of putting value on one's being, one's life, one's position before man or God, of claiming rights and privileges peculiar to one's special position in life or even of those normally believed to belong to the human being as such" (Best, 1981:37).

geadresseerdes met hierdie tweede vereiste in hulle situasie aanspreek byvoorbeeld ten tye van die vervolging deur Nero. Hierdie tweede vereiste word metafories verstaan vir enige vorm van lyding wat ter wille van Christus verduur word en selfs op die dood kan uitloop (vgl Best, 1981:39; 1986:8 ev).

Jou kruis dra beteken dus lydens- en sterwensbereidheid ter wille van Jesus wat gevolg word. Die selfverloëning het dus te doen met die onvoorwaardelike aflegging van die eie (selfsugtige en sondige) ek ter wille van die wil van God, terwyl kruisdra te doen het met die geloofsoorgawe en toewyding aan Christus die gekruisigde en 'n lewe van gehoorsaamheid ongeag die gevolge. **Kruisdra beteken dus om God en Jesus onvoorwaardelik te dien ongeag die gevolge van sodanige optrede.** Die (eie) kruis van die volgeling en die kruis van Jesus kan onderskei, maar nie van mekaar geskei word nie. Die eie kruis is ondenkbaar sonder Jesus die Gekruisigde. Jesus het sy kruis vir sondaars en spesifiek vir sy volgelinge in onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God as losprys gedra. Hy het gedien tot die dood toe. Vir die dissipel of volgeling van Jesus beteken jou kruis volkome geloofsidentifisering met Jesus wat vir jou gekruisig is. Kruisdra impliseer lyding, moontlik selfs sterwe in diens van God en in diens van die Gekruisigde, die Dienaar van God.

5.2.2.2.4. En My volg

Die praesens werkwoord dui op 'n voortgesette handeling, 'n geloofspad wat enduit geloop moet word (Lenksi, 1964:349; Taylor, 1987:381). Aanvanklik was sprake van "As iemand My wil **volg**" en dit word herhaal in die derde vereiste "moet hy My aanhou **volg**". In albei frases gaan dit om navolging van Jesus. 'n Persoonlike geloofsverbintenisse met die lydende Seun van die mens (vgl Duvenage, 1954:63) wat opstaan en weer kom, is ter sprake. Ek volg Hom wat sy lewe vir my as losprys gegee het aan die kruis. Hy het Homself verloën en vir my laat kruisig, sodat ek nou op grond van my geloof in Hom myself kan verloën en my kruis kan dra deur Hom te dien.

Navolging (ἀκολουθεῖτω μοι) is nie bloot om fisies agter Jesus aan te loop nie. Navolging van Jesus is om soos Jesus die lydenspad te loop (vgl Groenewald, 1981:97) deur selfverloëning en kruisdra. Deur die lydens- en opstandingsaankondigings en die dissipelskapgedeeltes in die verhaal van die reis na Jerusalem in te weef, weef Markus die lewe van Jesus en die lewe van die dissipel saam. Die pad van Jesus is die pad van die dissipel, en dissipelskap bestaan in die volg van die pad van Jesus (Stock, 1982:146).

Navolging is 'n onvoorwaardelike verbintenis met die persoon van Jesus wat alle ander verbintenisse loslaat (Breytenbach, 1984:220). Vir hierdie onvoorwaardelike verbintenis met Jesus is die selfverloëning en lewensprysgawe noodsaaklike voorvereistes. Die navolging van Jesus Christus vereis selfprysgawe tot lydensbereidheid. (Breytenbach, 1984:221) en dit is lewenslank. Jesus moet enduit gevolg word (Stock, 1982:146).

5.2.2.2.5. Gevolgtrekking

Jesus se unieke lyding, sterwe en diens is fundamenteel en deurslaggewend vir die dissipels se navolging. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:34 kom na vore in 'n doelbewuste keuse of besluit om Jesus te volg. Hierdie navolging behoort aan die volgende drie vereistes te voldoen,, naamlik selfverloëning, kruisdra (onvoorwaardelike gehoorsame diens wat lyding en sterwensbereidheid insluit) en lewenslange navolging. In alles gaan dit om die begeer, bedink en doen van die wil van God en Jesus lewenslank. Soos Jesus God in onvoorwaardelike gehoorsaamheid enduit gedien het, behoort elke volgeling as verlose ook te dien, ongeag die gevolge.

5.2.2.3. Motivering vir die navolging van Jesus in Markus 8:35-38

Met sy eie lyde as vertrekpunt (Mark 8:31) en in direkte teenstelling tot die valse Messias-beeld van Petrus (32,33) stel Jesus selfverloëning en sterwensbereidheid (34) as eis vir die navolger. Aan hierdie radikale eis om bereid te wees om te sterwe, verbind Jesus die belofte van lewe of dood (35). Wat opval is die γάρ-ketting wat die verse 35-38 met 34 verbind. Hieruit blyk dit dat vers 35 vers 34 versterk, verse 36 en 37 weer vers 35, en vers 38 in die besonder by verse 36 & 37. Uiteindelik kulmineer die lyn van die betoog in vers 38 (Van der Walt, 1962:263) om dan terug te keer na die koms van die koninkryk met krag.

5.2.2.3.1. Eerste motivering vir die navolging (Markus 8:35)

Vers 35 word ingelui deur die redegewende partikel γάρ. Die twee teenstellende relatiewe voorwaardesinne word redegewend saam met vers 34 gebruik en dien as motivering vir die navolgingsopdrag in vers 34 (vgl Best, 1981:41). Die noodsaak van die lewenslange navolging van Jesus as selfverloëning en kruisdra (lydens- en sterwensbereidheid) in vers 34 word in vers 35 verder gemotiveer. In vers 35a en b word 'n mashalvorm gebruik wat as antitetiese parallelisme gestruktureer is (Breytenbach,

1984:221). Dit word as antitetiese aforisme ¹³⁶ getipeer. Twee relatiewe voorwaardesinne staan teenoor mekaar. In beide sinne in vers 35 kom daar ook 'n teenstelling in die bysinne voor (Tannehill, 1975:98; Breytenbach, 1984:221). "Red" en "verloor" as teenstellende woorde word saamgegroepeer en vorm 'n paar in 35a & b terwyl "verloor" en "red" in omgekeerde orde as teenstelling weer saamgegroepeer word en 'n paar vorm in 35c & d. Die teenstellende woorde kom nie net in die twee teenoorstaande sinne voor nie, maar ook binne die onderskeie sinne kom 'n verdere teenstelling voor (Tannehill, 1975:98; Santos, 2003:163). Dit kan soos volg voorgestel word:

A Want wie sy lewe wil red (8:35a)

B sal dit verloor (8:35b)

B' maar wie sy lewe verloor (8:35 c)

A' sal dit red (8:35d) (Gundry, 1992:437; Santos, 2003:163).

Hierdie chiasme bewerkstellig semantiese spanning tussen "lewe red" en "lewe verloor". Die doel is om die geadresseerdes uit te daag om konvensionele aannames van hoe om jou lewe te red in heroerwering te neem (Bailey & Vander Broek, 1992:101).

Die begrip ψυχή ¹³⁷ het verskillende betekenismoonlikhede, bv siel, lewe, persoon ens (vgl Louw & Nida, 1989,2:266; Arndt, 2000:1098 ev). Louw en Nida (1989,1:261) gee die volgende vertalingsmoonlikhede in semantiese veld 26.4 tov "lewe": "om lewendig te wees, om te lewe, lewe". In Markus 8:35 ev kan dit met "lewe" in dubbele sin vertaal word. Bratcher en Nida (1961:266; vgl Bratcher, 1981:108) wys daarop dat daar in Markus 8:35 ev 'n woordspeling is tussen lewe en lewe, natuurlike lewe as fisiese bestaan en ware lewe, geestelike lewe, ewige lewe.

In 35b word die chiasme deur ἔνεκεν ἐμοῦ καὶ τοῦ εὐαγγελίου versteur (Fowler, 1991:189 ev; Santos, 2003:165). Dit is "onverwags" dat iemand wat sy lewe wil red/behou, dit sal verloor. Nog meer verbasingwekkend is wanneer die teenoorgestelde

¹³⁶ Die antitetiese aforisme is 'n kort spreuk wat 'n skerp kontras bevat en is bedoel om die maksimum persoonlike impak op die geadresseerde te maak (Tannehill, 1975:88 ev; Bailey, 1992:99).

¹³⁷ Die woord ψυχή wat vertaal word met "lewe", kom 4 keer in 8:35-37 voor: "om jou lewe te red" (8:35a); "om jou lewe te verloor" (8:35b), "om jou lewe te verloor" (8:36b), "in ruil gee vir jou lewe" (8:37) asook die persoonlike voornaamwoord αὐτός wat verwys na ψυχή in 8:35b & d (Santos, 2003:166).

gebeur,, naamlik dat iemand wat sy lewe verloor, dit sal red. Redding sal slegs plaasvind op grond van die feit dat die lewe ter wille van Jesus en die evangelie verloor word (vgl Breytenbach, 1984:221). "Ter wille van Jesus en die evangelie" is die deurslaggewende rede vir die verloor of red van jou lewe (vgl Bailey & Vander Broek, 1992:101). Jesus se kontrasterende stelling van red of verloor van jou lewe beklemtoon die punt dat die mensdom se verlossing verband hou met die evangelie. Daar is geen verlossing buite die evangelie nie. Daar kan nie halfhartig op die eise van Jesus en die evangelie gereageer word nie. Óf mens aanvaar die evangelie van verlossing deur Jesus en lewe daarvolgens, selfs al kos dit jou lewe, óf mens vermy die gevare wat dit vir jou mag inhou (jy dink dat jy jou lewe sal red deur daarsonder te lewe) en gaan so verlore (vgl Evans, 2001:26).

Markus 35a en b is toekomsgeoriënteerd (vgl die gebruik van twee futurumwerkwoorde "sal verloor" en "sal red"; vgl ook 8:38) en word in die voorstellingskader van die eindgerig geïnterpreteer (Breytenbach, 1984:222). Dit gaan in Markus 8:35 ev om die lewensverlies ter wille van Jesus en die evangelie wat lei tot toekomstige of eindtydelike lewensredding (Breytenbach, 1984:223). Die frase "terwille van My" in Markus 8:35 wat ook in Matteus 16:25, 10:39; Lukas 9:24 voorkom, verbind hierdie paradoksale moontlikheid om jou lewe te red deur dit te verloor met die navolging van Jesus as dissipel. Hierdie woorde word deur Jesus uitgespreek wat die weg van lyding gekies het en wat dissipels roep om Hom op hierdie lydensweg te volg (Tannehill, 1975:101).

Iemand wat sy lewe wil behou, sal dit juis verloor. Hy wil sy lewe behou deurdat hy nie bereid is om homself te verloën en ook nie om te ly of te sterf deur Jesus onvoorwaardelik ongeag die gevolge te dien nie. Die ironie is dat hy juis as gevolg van sy selfhandhawing of selfbehoud, maar weiering van selfverloëning en sterwensbereidheid vir Jesus, sy lewe sal verloor. Selfhandhawing is 'n keuse om Jesus nie te volg nie. Aan die ander kant: 'n volgeling van Jesus wat bereid is om ter wille van Jesus en die evangelie sy lewe te verloor, sal dit juis behou. Hy verloor sy lewe in die navolging van Jesus, deurdat hy bereid is om homself te verloën en sy kruis dra, m.a.w. hy is bereid om te ly en te sterf vir Jesus en vir die evangelie.

5.2.2.3.2. Tweede en derde motivering vir die navolging (Markus 8:36 & 37)

Die twee γάρ-sinne (retoriese vrae) in vers 36 & 37 dien as motivering vir vers 35. In die uitbou van die gedagte van die hoogste waarde van die lewe in sy dieperliggende betekenis maak Jesus gebruik van saketerminologie soos "voordeel trek of baat", "verloor" en "gee in ruil". Die vergelyking van waardes is die konteks vir die oorweging

van wins en verlies (Lane, 1988:309). In verhouding tot die voordeel wat getrek word, naamlik die hele wêreld, is die betaling wat voorsien moet word die lewe self. Maar die grootboek het te doen met waardes wat nie regtig vergelyk kan word nie. Die verlies selfs van gewone menslike lewe kan op geen wyse as kompensasie dien vir die wen van die hele wêreld nie. Hoeveel te meer is dit nie waar van die ewige lewe nie (Lane, 1988:309).

In Markus 8:36 & 37 word die geadresseerdes in aansluiting by vers 35 uitgenooi om na te dink oor die spesifieke betekenis van die lewe (vgl Bailey, 1992:100). Volgens vers 36 & 37 is daar geen wêreldse losprys of koopsom wat vir die lewe ingeruil kan word nie. Hiermee word die absoluutheid van die stelling in vers 35a en b beklemtoon. Beide retoriese vrae is daarop afgestem om die leser tot 'n ontkennde antwoord, naamlik "niks", te beweeg (Breytenbach, 1984:223). Vanuit die perspektief van die eindgerig beoordeel, baat die volle som van al die aardse rykdomme (as deel van kortstondige selfhandhawing in plaas van selfverloëning) die mens niks. Wanneer die mens in die eindoordeel sy lewe verloor, is al hierdie wins of voordeel ontoeganklik en heeltemal waardeloos (Breytenbach, 1984:222 ev) sonder Jesus en die losprys wat Hy betaal het (vgl Mark 10:45).

Dit is absurd as 'n mens sy eie lewe wil red of behou (vers 35a) ten koste van die verlossing wat God voorsien (vers 35b; 8:31; 9:31; 10:32-34; 36,38,39,45; 50). Hierdie voorkeur vir lewensbehoud ten koste van verlossing beklemtoon die fatale gevolge daarvan om Jesus te verloën, selfs wanneer menslike lewe op die spel is. As 'n mens die ewige lewe verloor het, ervaar hy absolute verlies, selfs al sou hy die goedkeuring van die hele wêreld met sy verloëning of ontkenning van Jesus en die evangelie verkry het (Lane, 1988:309). Die uitdrukings, "jou lewe red" (8:35a) en "jou lewe verloor," (8:35b) word later uitgedruk in die woorde "die hele wêreld wen" (8:36) en "jou siel verloor" (8:36b) onderskeidelik wat weer in verband gebring kan word met Jesus se teregwysing van Petrus in 8:33. Om jou lewe te wil red hou verband met die bedink van dit wat 'n mens self wil en nie wat God wil nie (Santos, 2003:165). Wie dus sy lewe om die verkeerde redes, vanuit sondige menslike oorwegings, ter wille van eie voordeel, wil behou, sal dit verloor (Santos, 2003:166).

Die verband tussen verse 35-37 kan soos volg saamgevat word: vers 35a: die poging om jou lewe te behou, lei tot eindtydelike lewensverlies; vers 35b: Die lewensverlies ter wille van Jesus en die evangelie lei tot eindtydelike lewensredding; vers 36: Die skatte van hierdie wêreld is in die eindoordeel heeltemal waardeloos; vers 37: die mens het geen ruilmiddel vir sy lewe nie (Breytenbach, 1984:224). Die implikasie van Jesus se

διακονία in woord- en daadverkondiging is dus verloën jouself, dra jou kruis en volg Jesus enduit, omdat Jesus die kruis vir jou gedra het en die losprys vir jou lewe betaal het. Wie dit nie doen nie en weier om Jesus in onvoorwaardelike gehoorsaamheid te volg deur te dien lei ewige verlies.

5.2.2.3.3. Vierde motivering vir die navolging (Markus 8:38)

Die navolging in vers 34 as implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging word in vers 38 verder gemotiveer met 'n redegewende relatiewe reële voorwaardesin ingelei deur ὃς γὰρ ἐὰν ἐπαισχυνθῇ με καὶ τοὺς ἐμοὺς λόγους. Om jou te skaam vir Jesus en sy woorde, kom neer op 'n weiering om Jesus in sy lyde en opstanding te aanvaar, en die daarmee gepaardgaande lydensvolle navolging. Hierdie skaam vir Jesus en sy woorde moet vanuit die onmiddellike konteks, naamlik "n owerspelige en sondige geslag" verklaar word. Hierdie tipering van Jesus se tydgenote, en die afvallige mensdom kan in verband gebring word met afvalligheid en ontrou teenoor God (Breytenbach, 1984:226) soos waarom Israel in die Ou bedeling hulle skuldig gemaak het, gesondig het deur soos 'n egbreekster die verbondsverhouding met God verbreek het (vgl Groenewald, 1981:99).

Wie hom skaam vir Jesus en sy woorde ontvang 'n oordeelsbelofte. Hierdie verkeerde reaksie op Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging het in die oordeelsdag rampspoedige gevolge (vgl Lane, 1988:310). Die Seun van die mens sal Hom dan skaam vir diesulkes. "Hierdie skaam vir hulle" deur die Seun van die mens is 'n metafoor vir "veroordeel word" deur (Breytenbach, 1984:227) die hemelse Regter.

Om jou nie te skaam vir Jesus en sy woorde nie, beteken om lynreg teen die denkwyse van hierdie owerspelige en sondige geslag wat Jesus verwerp, in te gaan (Santos, 2003:166) en Hom as lydende Seun van die mens wat sal opstaan (vgl 8:31) en weer kom (8:38) onvoorwaardelik en enduit te volg (8:34). Die dag kom waarop die Seun van die mens deur die Vader verheerlik sal word, omdat Hy sy hele lewe en sterwe gewy het aan die heerlijkheid van sy Vader. Dit het besondere betekenis vir die vervolgde Christene tot wie Markus sy evangelie rig (Lane, 1988:311). In Jesus se toewyding aan sy Vader het sy volgelingen 'n paradigma vir hulle toewyding as onvoorwaardelike diens of gehoorsaamheid aan Jesus en die evangelie (Lane, 1988:311). Die oproep tot navolging in die hede word deur Jesus eskatologies vanuit die (weder)koms van die Seun van die mens gemotiveer (Breytenbach, 1984:226). Vir sy navolgers sal die Seun

van die mens Hom beslis nie skaam nie, Hy sal hulle vryspreek, verlos¹³⁸ (Breytenbach, 1984:227; Lane, 1988:311).

5.2.2.4. Markus 9:1 as afsluiting van Markus 8:34-9:1

In Markus 9:1 word die voorafgaande oproep om Jesus te volg afgesluit met die kragtige uitspraak dat sommiges wat daar staan, voordat hulle sterwe die koninkryk van God met krag sal sien kom. Verskeie verklarings word vir hierdie vers gegee. Navorsers betrek Markus 9:1 op die wederkoms, die verheerliking op die berg, die kruis en opstanding, die val van Jerusalem, Jesus se hemelvaart, die uitstorting van die Heilige Gees en die uitbreiding van die kerk in die Romeinse ryk (vgl Van der Walt, 1962:256 ev; Cranfield, 1963:286 ev). In Markus 9:1 word die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging ten opsigte van die navolging van die Seun van die mens in die lig van die definitiewe koms van die koninkryk van God beskrywe. Hierdie gewisse koms van die koninkryk van God sal nog in die leeftyd van sommige van die aanwesiges wat na Jesus luister, plaasvind. 'n Verband bestaan tussen "die koms van die Seun van die mens in heerlijkheid" (Mark 8:38) en die koms van die koninkryk van God met krag" (9:1).

Die meeste navorsers meen dat Markus 9:1 na die verheerliking op die berg (Cranfield, 1963:287; Bock, 2002:573; Santos, 2003:168) verwys. Hierdie gebeurtenis (Mark 9:2 ev) volg direk op 9:1, is beperk tot slegs enkele van die aanwesiges (die binnekring). Hier word 'n voorsmaak van Jesus se heerlijkheid en 'n voorsmaak van die finale koms van die koninkryk met krag geopenbaar (Bock, 2002:573). Wat hierdie verklaring baie moontlik maak, is die feit dat Jesus as verteenwoordiger van die koninkryk van God voor drie van sy dissipels in die teenwoordigheid van Moses en Elia van gedaante verander het. Sy hemelse, goddelike heerlijkheid word geopenbaar. Die koninkryk is voor die oë van sommiges in die persoon van Jesus met krag geopenbaar en 'n stem uit die hemel (God) het gesê: "Dit is My geliefde Seun. Luister na Hom." (9:7.)

Sonder om hierdie verklaringsmoontlikheid buite rekening te hou, word in ag geneem dat ook hierdie gebeurtenis iets van 'n voorlopigheid het. 'n Verklaring wat oorweging verdien is dat Jesus moontlik nie net na die verheerliking op die berg verwys nie, maar ook na die beslissende openbaring van die koninkryk van God in die kruis en opstanding van Jesus Christus verwys (Van der Walt, 1962:266). In die persoon en optrede van

¹³⁸ In ooreenstemming met die profesie van Daniël 7 sal hulle tot die heiliges van die Allerhoogste behoort en ook die ewige koninkryk in ontvangs neem wat volkome verlossing impliseer. Hulle sal in sy en die Vader se heerlijkheid vir altyd deel (vgl Groenewald, 1984:99).

Jesus het die koninkryk reeds gekom, maar dit sal finaal kom by die wederkoms. Tog is daar 'n gebeurtenis wat as die hoogtepunt van sy διακονία in woord- en daadverkondiging beskou kan word wat sy wonderwerke en optrede in die algemeen by verre oortref. Op hierdie uitsonderlike gebeure van sy kruis en opstanding rig Jesus sy hele διακονία in woord- en daadverkondiging (Van der Walt, 1962:266). Hierdie moontlikheid kan in verband gebring word met verskeie lydens- en opstandingsaankondigings asook met Markus 10:45, en ook met die herhaaldelike verwysing na kruisdra, na lewe behou en lewe verloor en die betaal van 'n losprys. Trouens die hele Evangelieverhaal stuur op Jesus se kruis en opstanding af.

Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging hou dus verband met die paradoksale Seun van die mens wat op grond van sy lyde en sterwe enersyds en sy opstanding en wederkoms andersyds dit moontlik maak om Hom enduit te volg. Die uitnodiging aan sy dissipels en die skare om hulle te verloën, hulle kruis te dra en Hom te volg berus op die openbaring van die koninkryk van God in die selfverloënde διακονία in woord- en daadverkondiging van die Seun van die mens wat terselfdertyd ook die Seun van God is. Sonder die lydende Seun van die mens wat sal sterf en opstaan en uiteindelik weer kom, is die navolging nie moontlik nie.

5.2.2.5. Gevolgtrekking

Jesus se uitnodiging om Hom te volg sluit direk aan by Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging met spesifieke verwysing na sy lyde, sterwe, opstanding (8:31; 9:1) en wederkoms (8:38). Om Jesus te volg is allesbehalwe vanselfsprekend of maklik. Dit is uiteraars moeilik, want dit impliseer selfverloëning, kruisdra en voortgesette navolging. Dit is alleen moontlik as dit voortspruit uit en aansluit by Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging wat die weg gebaan het deur sy lyde, sterwe en opstanding. Jesus het sy lewe in gehoorsame diens verloor, sodat elkeen wat Hom volg die selfverloëningseis kan nakom; Jesus het sy kruis vir sy volgelingen gedra sodat elkeen sy eie kruis selfs tot die dood kon dra. Kruisdra impliseer vir elke volgeling lydens- en sterwensbereidheid, dus gehoorsaamheid en diens ongeag die gevolge, selfs lyding en dood. Jesus het die pad enduit geloop na die kruis en daarna opgestaan sodat elkeen/enigiemand wat Hom volg, enduit kan deel in sy oorwinning en toekomstige heerlijkheid. Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 8:34-9:1 het 'n verlossings- en navolgingsimplikasie vir elkeen wat die uitnodiging gelowig aanneem, maar 'n oordeelsimplikasie vir elkeen wat dit verwerp.

5.3. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 9:30-37 ¹³⁹

In hierdie gedeelte word die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 9:30-37 ondersoek. Eers word die tweede lydens- en opstandingsaankondiging (9:31) bespreek, dan die onbegrip van die dissipels (9:32-34), daarna die regstellende διακονία in woord- en daadverkondiging deur Jesus (9:35-37). In die lig hiervan word die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in 9:30-37 afgelei en in die gevolgtrekking saamgevat.

5.3.1. Die tweede lydens- en opstandingsaankondiging ¹⁴⁰ (Markus 9:31)

Die tweede lydens- en opstandingsaankondiging aan die 12 dissipels sluit ten nouste aan by die eerste aankondiging, asook by Jesus se lydens- en opstandingsaankondiging aan die Binnekring as laasgenoemdes na die verheerliking op die berg, saam met Jesus van die berg afkom (9:9-13). In die tweede lydens- en opstandingsaankondiging aan die twaalf op pad deur Galilea (9:31) praat Jesus oor sy oorlewering in die hande van mense en twee keer word spesifiek na die dood van die Seun van die mens verwys. Oorlewering impliseer vir die Seun van die mens, soos in Johannes die Doper se geval, dat dit uiteindelik op sy dood uitloop het (vgl 1:14; 6:17 ev). In die tweede lydens- en opstandingsaankondiging word drie keer beklemtoon dat Jesus sal sterwe en daarna sal opstaan. Sy skokkende dood is onafwendbaar.

Teenoor die eerste aankondiging wat melding maak van Jesus se verwerping (8:31a) deur die Joodse leiers, is in die tweede aankondiging sprake van Jesus se verraad of oorlewering ¹⁴¹ in die hande van mense. Hierdie mededeling is verrassend onspesifiek

¹³⁹ Die tweede subnavorsingsvraag wat ondersoek word, is: Wat is die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 9:30-37?

¹⁴⁰ Die tweede lydens- en opstandingsaankondiging word ingelei deur 'n mededeling dat Jesus geheim wou bly. Die partikel γάρ lei die redegewende sin in: "Want Hy was besig om sy dissipels te leer" (9:31; Evans, 2001:56 ev).

¹⁴¹ Die woord παραδίδοται kan as 'n profetiese of futuristiese praesens verklaar word. Dit dra 'n seker verwagting oor (Lenski, 1963:387; Taylor, 1987:403) en dui op gebeure wat onvermydelik is (Van Leeuwen, 1928:168). Die verraad of oorlewering van die Seun van die mens kom in die passiefvorm voor. Dit is moontlik die sogenaamd goddelike passief (Jeremias, 1975:282; Bayer, 1986:169 ev; Evans, 2001:57) wat kan dui op God wat Jesus aan die mense oorlewer (Edwards, 2002:284; Van Bruggen,

(France, 2002:372). Die woordspeling op “die Seun van die mens” en “mense” is opvallend. Dit is ironies dat die “Seun van die mens” wat volgens Daniël 7:13 ewereineit oor alle mense sal voer, in mensehande oorgelewer en verwerp sal word (Schweizer, 1971:190; Brooks, 1991:149; Edwards, 2002:283; France, 2002:372). In sy woord- en daadverkondiging word die Seun van die mens op ’n paradoksale wyse as verlosser geopenbaar. Hierdie vers weerspieël die optrede van die lydende Dienaar¹⁴² van die Here volgens Jesaja 53:6, 12 (Moo, 1983:91 ev; Edwards, 2002:282, 284).

In die tweede aankondiging word sy oorlewering verbind aan sy dood. Die mense sal Hom doodmaak. Alhoewel Jesus se lyde soos elders in die Skrif volgens die wil van God geskied, onthef dit die mense geensins van hulle verantwoordelikheid nie (vgl Mark 14:21; Edwards, 2002:284). Verwering van die lydende Seun van die mens het vir die betrokkenes oordeelsimplikasie. Die futurum- aktiewe vorm (ἀποκτενοῦσιν) word gebruik, terwyl die tweede verwysing na Jesus wat doodgemaak sal word in die aoristus partisipiumpassief voorkom (ἀποκτανθεῖς) (Bayer, 1986:169). Die eerste werkwoord beklemtoon die toekomstige handeling van die mense, terwyl die tweede werkwoord op die toekoms dui, maar dit is so seker dat dit in die verlede tyd weergegee word. Albei

2002:207). Dit kan egter ook in verband gebring word met Judas Iskariot wat Jesus tydens die verraad oorgelewer het (vgl Lohmeyer, 1951:192; Schweizer, 1971:190; Hooker, 2001:226).

¹⁴² Navorsers bring veral twee gedeeltes in verband met die 2de lydende- en opstandingsaankondiging, naamlik Jesaja 53:6 en 12 en Daniël 7:25. Alhoewel daar minder woordelike ooreenstemming tussen die Masoretiese teks van Jesaja 53:6 en 12 en die “oorlewering” van die Seun van die mens in Markus 9:31 is, is die ooreenkoms met die LXX meer opvallend. Die LXX van Jes 53:6 meld dat die Here Hom oorgelewer het vir ons sondes, terwyl die LXX van Jes 53:12 meld dat sy siel aan die dood oorgelewer is en Hy onder misdadigers gereken en op grond van hulle sondes oorgelewer is (Brenton, 1981:889; vgl Evans, 2001:57 vir ’n vergelyking van die Masoretiese teks en die LXX). Alhoewel Evans (2001:57) toegee dat Jesaja 53:6 en 12 volgens die LXX in verband gebring kan word met die oorlewering van die Seun van die mens volgens Mark 9:31, gee Evans (2001:57) voorkeur aan Daniël 7:13 & 14 en spesifiek 7:25 as agtergrond van die lyde en oorlewering van die Seun van die mens. Evans (2001:57) se afleiding bly egter hipoteties aangesien Daniël 7 slegs na die Seun van die mens as heerlikheidsfiguur verwys en nie as persoon wat oorgelewer word nie. In Daniël 7:25 is sprake van die lyding van die heiliges, maar nie van die Seun van die mens wat sal ly nie. In die gebruik van die selfaanduiding die Seun van die mens deur Jesus word enersyds die koninklike heerlikheidsfiguur volgens Daniël 7:13 & 14, maar ook die lydende Dienaar van Jesaja 52:13-53:12 saamgevoeg en toegepas op Jesus (Taylor, 1951:48; Groenewald, 1981:107; Bolkestein, 1977:206). “Jesus’ combination of these two titles was completely new. ‘Son of Man’ represents the highest conceivable declaration of exaltation in Judaism, *ebed Yahwe* is the expression of deepest humiliation” (Cullmann, 1959:161)

werkwoorde beklemtoon een geweldsmisdaad wat die mense Hom sal aandoen asof Hy die magtelose slagoffer daarvan is. Dit is allesbehalwe die geval. Alhoewel die mense dit definitief aan Hom sal doen, is Jesus se oorlewering en sterwe ook 'n daad waarin God en Jesus onherroeplik die inisiatief het ¹⁴³. Die tweede verwysing na Jesus se teregstelling deur die mense, word in verband gebring met sy opstanding. Ten spyte van sy sterwensaankondiging is daar hoop. Die Futurummedium-werkwoord (*ἀναστήσεται*) (vgl Han, 1971:88; Bayer, 1986:169) stel die onafwendbaarheid van sy opstanding na sy onafwendbare dood. Deur sy eie krag en mag sal Hy opstaan (Lenski, 1963:388).

Uit Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging (vgl sy tweede lydens- en opstandingsaankondiging) blyk dit dat Jesus se oorlewering en dood onafwendbaar is. Sy *διακονία* as Dienaar-Koning is paradoksaal. Sy oorlewering en sterwe is die grootste uitdrukking van dienaarskap, terwyl sy opstanding uitdrukking is van sy geweldige krag (vgl Santos, 2003:176) as koninklike heerlikheidsfiguur in ooreenstemming met Daniël 7:13 & 14. Die Seun van die mens is die nederige Dienaar wat sterf vir ander se sondes, maar ook die heerlikheidsfiguur wat sal opstaan. Hy is die mens se enigste hoop op verlossing.

5.3.2. Onbegrip van die dissipels (Markus 9:32-34)

Op Jesus se tweede aankondiging reageer die dissipels met onbegrip en vrees. Die dissipels verstaan genoeg om bevrees te wees, maar hulle is te bang om Hom daaroor uit te vra (Best, 1981:73). Jesus se aankondiging is skokkend en kan moontlik hulle eie dood tot gevolg hê (vgl 8:34-37) (Evans, 2001:58). Soos Petrus se verkeerde reaksie na die eerste lydens- en opstandingsaankondiging (8:32), verstaan die dissipels ook nie die implikasie van die tweede lydens- en opstandingsaankondiging (9:31) nie. Terwyl Jesus sy lyde en sterwe bekend maak, stry die dissipels onderling oor wie die belangrikste is (vgl France, 2002:373). Die dissipels bly onkundig, al het hulle dit uit Jesus se eie mond gehoor. Na die lydensgebeure en opstanding sal Jesus hulle oë open om dit te verstaan (Grundmann, 1989:258 ev; Van Bruggen, 2002:207).

¹⁴³ Dit maak deel uit van God se plan en Jesus se vrywillige en onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Dit is sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging (vgl 10:45). Hy weet en verwag dit en kondig dit aan. Hy is deur die Vader gestuur (1:11; 9:7; 9:37) bereid om hierdie pad van lyding en diens, in gehoorsaamheid aan die Een wat Hom gestuur het, te loop. Dit is deel van sy sending (vgl Taylor, 1951:90).

5.3.3. Regstellende onderrig (Markus 9:35-37)

Jesus begin sy regstellende *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die huis¹⁴⁴ in Kapernaum met 'n ontmaskerende vraag: "Waaroor het julle met mekaar langs die pad geloop en praat?" (9:33). Die dissipels se swye hierna spreek boekdele. Markus gee die rede daarvoor: "... want hulle het langs die pad met mekaar gestry oor wie van hulle die belangrikste is" (9:34). Die optrede van die twaalf word in die vergelykende trap gestel, terwyl die betekenis van die oortreffende trap oorgedra word (Bratcher & Nida, 1961:294). Die dissipels verstaan nie Jesus se lydensaankondigings nie en dat dissipelskap of navolging onlosmaaklik daaraan verbonde is nie. 'n Verkeerde siening van Jesus as Messias lei tot 'n verkeerde siening van dissipelskap (Edwards, 2002:256).

Markus wil vir die geadresseerdes aantoon dat die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging radikaal van die dissipels se kleinlike en selfsugtige optrede behoort te verskil. Dit is nie hoe 'n navolger van Jesus maak nie. Ten spyte van die feit dat Jesus kort vantevore die Twaalf¹⁴⁵ die tweede keer, en die Binnekring nou al drie keer ingelig het oor sy lyde, sterwe en opstanding, verstaan hulle nie wat dit beteken nie. Elkeen dink net aan homself. In die lig van Jesus se naderende lyde en sterwe word 'n ander gesindheid by sy 12 dissipels verwag. In hulle onderlinge verhoudinge met mekaar as leiers in die nuwe gemeenskap van volgelingen wat Jesus vergader, openbaar hulle nie die gesindheid van die nederige en selfverloënende Seun van die mens nie. Hy is bereid en op pad om sy lewe vir hulle af te lê, maar hulle gun mekaar niks.

5.3.3.1. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 9:35

Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging word eers betrek op wie die belangrikste onder die Twaalf is. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in 9:35 spruit voort uit die *διακονία* van Jesus in onder andere die eerste en tweede lydens- en opstandingsaankondigings (8:31; 9:31; vgl ook 10:32-34). Hy wat eerste is, word die laaste van almal (nederig) en die dienaar van almal (die een wat dien). Jesus stel Hom diensbaar aan God en sondaarmense. Hy

¹⁴⁴ 'n Huis is dikwels die plek waar Jesus sy dissipels een kant privaat onderrig (Edwards, 2002:74 ev; 285; vgl Brooks, 1991:150).

¹⁴⁵ "Die Twaalf" is nie bloot 'n getalsaanduiding vir die dissipels van Jesus nie, maar dit is 'n titel (vgl 3:14, 16; 6:7, 30) vir die leierskorps onder Jesus se volgelingen (vgl Bratcher & Nida, 1961:294).

verwag niks van sy volgelinge, wat Hy nie self bereid is om te doen nie (vgl Edwards, 2002:282). Jesus begin die implikasie van sy διακονία in woord- en daadverkondiging in 9:35 met die woorde: "As iemand die eerste wil wees ..." Hierdie reële voorwaardesin herinner aan Jesus se woorde in Markus 8:34: As iemand My wil volg, moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg. Hierdie voorwaardesin word ingelei deur 'n onbepaalde relatiewe voornaamwoord (τις) wat van toepassing is op enige iemand wat hierdie boodskap hoor. Enigeen kan eerste wees. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging kom tot uitdrukking in 'n skynbaar teenstrydige uitspraak (Lenski, 1964:391).

Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging verskil radikaal van die wêreldse of algemene idee onder die mense. Mense beskou iemand as eerste en belangrikste as daardie persoon oor ander heers, terwyl iemand as laaste van almal beskou word as daardie persoon almal se dienaar is (Lenski, 1964:392). Dit blyk uit die betekenis van πρῶτος en ἔσχατος onderskeidelik. Πρῶτος is 'n sinonieme uitdrukking vir die belangrikste wees (9:34) en gee uitdrukking aan rang en posisie onder die dissipels (vgl Bratcher & Nida, 1961:294). Πρῶτος is die teenoorgestelde van ἔσχατος. Πρῶτος dui op 'n persoon wat eerste in rang of posisie is, terwyl ἔσχατος op 'n persoon dui wat laaste in rang of posisie is. "Laaste van almal" dui op die heel laaste, die onbelangrikste, onbenulligste of geringste van almal (Arndt, 2000:398 ev); Evans, 2001:61). Jesus verbind eerste of belangrikste wees op 'n verrassende, selfs skokkende wyse met laaste wees en dien. Tussen "laaste van almal" (9:35b) en "dienaar van almal" (35c) is die aller nouste verband. Hierdie verband blyk onder andere uit die herhaling van die woord "almal" in beide frases. "Dienaar van almal" verklaar "laaste van almal" (Santos, 2003:179), terwyl "laaste van almal" en "dienaar van almal" weer as kwalifikasie van "eerste van almal wil wees" dien. Die uitnemendste/voortreflikste status in die koninkryk van God word gekenmerk deur twee aspekte,, naamlik nederigheid [ἔσχατος] en diens [διάκονος]. Louw en Nida dui in subdomeine 35.19¹⁴⁶ en 35.20¹⁴⁷ op die woorde διακονέω^a en διάκονος^a aan wat lig werp op die betekenismoontlikhede van διάκονος in

¹⁴⁶ 35.19 Θεραπεύω^b; ὑπηρετέω^a; διακονέω^a; διακονία^a, as f: "Om te dien of te help deur bystand (ondersteuning) of hulp te verleen, deur spesifieke take te verrig, dikwels van 'n nederige of geringe aard – 'dien, diens lewer, help, diens, hulp' "(Louw & Nida, 1989,1:460).

¹⁴⁷ 35.20 Θεράπων, οντος m; ὑπηρετής, ου m; διάκονος^a ου, m & f (afgelei van Θεραπεύω^b; ὑπηρετέω^a; διακονέω^a 'om te dien' 35.19) "n Persoon wat diens lewer – 'n dienaar.'" (Louw & Nida, 1989,1:460).

Markus 9:35. Uit hierdie twee betekenisdefinisië is dit duidelik dat 'n δῆλον 'n persoon is wat diens lewer en met "dienaar" vertaal kan word. Hierdie diens bestaan uit bystand of hulp wat verleen word, dikwels van 'n nederige of geringe aard. As Jesus dus sê dat, elkeen wat die grootste wil wees, 'n dienaar onder julle moet wees, impliseer dit dat die dissipels mekaar in nederigheid moet dien. Elkeen moet die minste wees en soos die geringste optree, nie eie belang soek nie, maar die ander se belange voorop stel. Laasgenoemde dui dikwels op iemand wie se werk dit is om in ander se behoeftes te voorsien, wat byvoorbeeld in die huis dien (vgl France, 2002:374).

Die paradoks van die evangelie is dat die pad van diens – dit is die pad van Jesus self – die pad van ware grootheid is (Brooks, 1991:150). Die dissipels moet nie daarteen opsien om laaste van almal te wees nie, want wie laaste is deur te dien, maak daardie persoon eerste voor God (Santos, 2003:179). Jesus verwerp nie prominensie en grootheid nie; Hy herdefinieer dit. Die uitdaging is om groot te wees in die dinge wat vir God saak maak. In God se oë is niks groter as om te gee nie, en geen roeping bied groter geleentheid om meer te gee nie as juis 'n dienaar (Edwards, 2002:287).

Om groot te wees in God se oë is om jouself laaste te stel en mense, die geringes, die onbelangrikstes, bo jouself belangrik te ag. Om dus eerste in die koninkryk van God te wees, moet mens daarna streef om in nederigheid alle ander persone hoër te ag as jouself en dit in die praktyk toepas deur almal te dien (vgl Evans, 2001:61). Jesus roep sy dissipels op tot navolging in nederige diensbereidheid en diensbetoon (vgl Versteeg, 1992:57). Laaste van almal wees, herinner aan jouself verloën, terwyl dienaar van almal wees aan kruisdra herinner (Broadhead, 2001:84), terwyl dit weer in verband gebring kan word met Jesus wat gekom het om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense (Mark 10:45).

5.3.3.2. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 9:36 & 37

Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in 9:35 word verder gekonkretiseer deurdat Jesus 'n kindjie buite die dissipelskring by sy aanskoulike onderwys in 9:36 & 37 betrek. Soos die profete van ouds leer, Jesus sy dissipels nie net met woorde nie, maar ook met simboliese daadverkondiging. Die omhelsing van 'n kindjie is 'n daadgelykenis, 'n dramatiese illustrasie van die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 9:35-37. Jesus betoon liefde en

welwillendheid aan 'n kindjie ¹⁴⁸ (vgl Groenewald, 1981:108). Jesus neem 'n kindjie, bring laasgenoemde in die dissipelkring (laat die kindjie tussen hulle staan) en omhels hierdie kindjie as geringste ¹⁴⁹ onder hulle almal. Louw en Nida (1989,1:455) definieer ἐναγκαλίζομαι soos volg: "om jou arms om iemand te sit as uitdrukking van toegeneentheid/liefde en begaan wees oor, en vertaal dit met "om te omhels, 'n drukkie gee, jou arms om te sit'. 'n Kindjie het geen posisie of waardigheid onder hulle gehad nie (vgl Van Bruggen, 2002:210). Deur 'n onbenullige kind te betrek, te omhels en tussen die dissipels te laat staan, sluit Jesus aan by sy onderrig oor "laaste van almal" en "dienaar van almal wees" (9:35). Jesus het gaan sit as gesaghebbende leraar, sy dissipels geroep en hulle begin leer. Die sittende Jesus laat 'n kindjie tussen hulle staan

¹⁴⁸ Dieselfde verkleiningswoord vir 'n kind word ook in Mark. 10:13 ev gebruik (Edwards, 2002:307). Die beste vertaling is waarskynlik "kindjie" (Groenewald, 1981:108). Volgens Louw en Nida (1989,1:110) dui παιδίον as verkleiningswoord van παῖς op 'n jong persoon normaalweg onder die puberteitsouderdom sonder onderskeid ten opsigte van geslag en vertaal as 'kind' aan. Turner (1993:126) wys op Markus se voorkeur om gebruik te maak van verkleiningswoorde. Hy waarsku egter daarteen dat nie te veel van die verkleiningswoord παιδίον afgelei moet word nie. Wat wel van belang is, is dat dit 'n kind of kindjie was.

¹⁴⁹ In die Grieks-Romeinse en Judese samelewing het volwassenes voorkeur bo kinders gekry. 'n Kind moes eers opgevoed word, voordat hy of sy van enige belang beskou is. 'n Kind het 'n baie geringe posisie bekleed en is as onbelangrik beskou (Best, 1981:79; vgl Evans, 2001:60) en was 'n toonbeeld van hulpeloosheid en weerloosheid (Brooks, 1991:150) en kan verteenwoordigend wees van diegene met leë hande (Edwards, 2002:307). 'n Kind is 'n voorbeeld van die behoeftiges of die nederiges wat die swakste lede van die Christelike kerk verteenwoordig (Best, 1981:79). Kinders het weinig status in die gemeenskap of familie gehad. 'n Jonger kind was op dieselfde vlak as 'n slaaf en eers nadat 'n kind volwassenheid bereik het, was hy 'n vry persoon wat kon erf (Malina & Rohrbaugh, 1992:237 ev).

In Markus 9:36-37 asook in Markus 10:13-16 gebruik Jesus 'n kind as voorbeeld van die nuwe huishouding van God. 'n Koninkryk van (soos) kinders, is 'n koninkryk van *nobodies* (Crossan, 1991:269). 'n Kind is destyds in die samelewing as 'n *nobody* beskou (Crossan 1991:267-270; Van Aarde 1991:685 ev; 689; Van Eck, 1995:342). "To be a child was to be a nobody, with the possibility of becoming a somebody absolutely dependent on parental discretion and parental standing in community" (Crossan, 1991:269). In die koninkryk moet mens bereid wees om *nobodies*, mense sonder enige status, te aanvaar (Mark 9:27,36,37). 'n Mens moet egter ook bereid wees om 'n *nobody* (soos 'n kindjie) te word om deel van die koninkryk te word (Mark 10:13-16) (vgl Van Eck, 1995:342). Terwyl Jesus op pad was na Jerusalem was die nuwe huishouding van God vir Hom baie belangrik. As gevolg hiervan het Hy sy dissipels geleer dat menslike oorwegings, soos status in die nuwe huishouding, van geen belang was nie. Om deel te wees van die nuwe huishouding van God moet mens bereid wees om 'n *nobody* te word, te dien soos 'n *nobody* en ook ander *nobodies* ontvang of verwelkom. Deur dit te doen word 'n mens 'n *somebody* wat deel is van die nuwe gemeenskap van God wat God se teenwoordigheid geniet (Van Eck, 1995:343).

(vgl Gundry, 1992:509). So stel die sittende Jesus Hom op die nederige vlak van 'n kindjie wat tussen hulle staan. Met sy optrede teenoor hierdie kindjie openbaar Jesus dat Hy bereid is om die minste te wees en te dien. Hy is bereid om laaste van almal en almal se dienaar te wees (9:31, 35; 10:43-45). Sy hele gesindheid en optrede teenoor hierdie klein en geringgeskatte mens getuig van die gesindheid en διακονία van die groot Dienaar van God. Niemand, nie eers die geringste van almal nie, 'n kind, gaan Hy verby nie. Hy reik uit, ontvang, betoon vriendelikheid, welwillendheid, konkreet omhelsende liefdesdiens aan 'n kind. Klein, jonk, onbelangrik, geringgeskat deur mense, is groot, belangrik en geliefd deur God en diegene wat sodanig teenoor diesulkes optree.

Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 9:35 & 36 is dat die dissipels eerste moet wees deur die geringste onder mekaar te wees, maar hulle moet selfs buite die dissipelkring, diegene wat as geringste en laaste deur die mense beskou word, soos 'n kindjie in die gesindheid van Christus eerste stel/ontvang/verwelkom. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging is dat sy dissipels en die geadresseerdes van die Markusevangelie geroep word om deur die geloof met die Seun van die mens te identifiseer en in die voetspore van die lydende en dienende Seun van die mens te volg deur hulle gesindheid en διακονία. Die tweede lydens- en opstandingsaankondiging kondig nie net aan wat met Jesus gaan gebeur nie, maar dit dien ook as grondslag van 'n lewe van selfverloënde en nederige liefdesdiens as naastediens waartoe hy sy dissipels roep (vgl Edwards, 2002:282). Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging word in Markus 9:30-37 as kommentaar gebruik op die implikasie van sy dood vir dissipelskap. Die persoon wat Jesus volg die weg van die kruis volg, moet 'n lewe van opoffering en diens veral teenoor die geringstes uitleef (Brooks, 1991:150).

Die voorkoms van ὅς ᾧν (wie ook al of elkeen) saam met die subjunktief in die twee onbepaalde betreklike bysinne (9:37) dui daarop dat Jesus se woorde tot sy dissipels in die wydste sin van die woord verstaan behoort te word en dat die geadresseerdes van die Markusevangelie dieselfde goedgesindheid en welwillende optrede van laaste van almal en dienaar van almal teenoor die geringes moet openbaar (vgl Santos, 2003:182 ev). In albei gevalle gee hierdie onbepaalde betreklike bysinne wat oorgaan in 'n voorwaardesin 'n algemene versekering of veronderstelling weer (Blass & Debrunner, 1973:192). Smyth (1974:572) stel dit soos volg: "The subjunctive with ᾧν expresses a possible or supposed fact in future time or a generality in present time." Die twee relatiewe bysinne kan soos volg verklaar word: In albei gevalle word 'n moontlikheid of

'n veronderstelde feit in die toekoms uitgedruk, maar dit kan ook algemene waarheid in die hede uitdruk, afhangende van die nakoming van die voorwaarde.

Ten opsigte van die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in vers 37 is drie sake in vers 37 van belang: 'n diens word vereis, 'n motief word gegee en 'n beloning word gesuggereer (vgl Von Wahlde, 1985:55). **Die diens:** 'n kindjie behoort ontvang te word; **die motief:** "in My Naam" en **die beloning:** "ontvang My" en "Hom wat My gestuur het".

In plaas van selfhandhawing eis Jesus selfverloëning. As ons die Here se goedkeuring wil wegdra, moet ons in nederigheid ons kruis dra (Calvyn, 1971:50). Hierdie kruisdra kan in verband gebring word met liefde en eerbetoon aan een soos hierdie kindjie. In plaas van selfverheffing en eie belang soek, moet Jesus se volgelinge van alle grootheidswaan afstand doen en nederig en onderdanig teenoor die geringstes soos 'n kindjie optree (Calvyn, 1971:52). Eersoek moet plek maak vir eerbetoon aan die geringstes soos 'n kindjie (vgl Gundry, 1992:510).

In aansluiting by Jesus se selfverloënde, dienende optrede teenoor 'n geringgeskatte kindjie, spel Jesus die verdere implikasie van sy διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 9:37 in die praktyk uit. Jesus spoor hulle aan om elkeen soos hierdie kindjie in sy Naam te ontvang. Dit gaan oor meer as bloot 'n kindjie. Jesus verbreed die implikasie en sluit elkeen en almal in wat soos klein en geringe kindertjies is (vgl France, 2002:374) en wat liefde en ontferming benodig. Die dissipels en die geadresseerdes moet hulle aandag en liefde toespits op die nood en behoefte van iemand, enige iemand wat so gering geag word soos 'n kindjie (Hendriksen, 1976b:359).

Louw en Nida (1989,1:572): ontvang, aanvaar. Die ontvang van 'n voorwerp of 'n guns/voordeel (benefit) waar die inisiatief by die gewer berus, maar die fokus van die aandag is op die ontvanger. "Ontvang (δέχομαι) van 'n kindjie" beteken "om begaan te wees oor, om te gee vir, om welwillendheid te bewys aan iemand" (Brooks, 1991:150; Santos, 2003:182; Best, 1981:79). Ontvang het te doen met gasvryheid aan 'n kind bewys (Malina & Rohrbaugh, 1992:237). In plaas van iemand soos die kindjie te ignoreer of hooghartig te behandel, moet in liefde en goedgesindheid uitgereik word na diesulkes (France, 2002:374). Dit gaan om nederige, selfverloënde liefdesdiens aan ander (Broadhead, 2001:84).

Dit moet gedoen word ἐπὶ τῷ ὀνόματί μου. Hierdie frase kom die eerste keer hier in die Markusevangelie voor en daarna weer in 9:38-41. In Markus 9:38-41 dui dit op optrede (wonders doen) in die Naam of gesag van Jesus (9:39), wat van pas kan wees in 9:37.

Dit is immers Jesus wat die opdrag aan sy dissipels gee om so op te tree (Von Wahlde, 1985:55 ev). Die dissipels moet op grond van Jesus se Naam optree (Bratcher & Nida, 1961:296). Dit kan moontlik ook beteken "om te doen soos Ek sou doen" (France, 2002:374). Hierdie twee betekenismoontlikhede word verkies. Met ander woorde geringes soos hierdie kindjie moet in opdrag, op gesag van Jesus, ontvang word, maar ook soos Jesus pas in hulle midde gedoen het (vgl ook Brooks, 1991:150). Soos Jesus optree in opdrag van God, moet hulle optree in opdrag van Jesus.

Die dissipels en die geadresseerdes moet in hierdie gedeelte nie soos die kindjie wees nie (soos bv Mark 10:13-16), **maar soos Jesus dien wat die kindjie hoog ag, ontvang en omhels** (vgl Edwards, 2002:288). 'n Nederige gesindheid (laaste van almal) en dienaar van almal, moet hulle diens kenmerk, ongeag met wie hulle te doen het. Almal moet in sy Naam ontvang word, maar veral die geringstes. Elkeen wat Jesus volg, word deel van 'n liefdesgemeenskap van geringstes wat mekaar dien, maar meer as dit, wat fokus op en uitreik na die geringstes wat dit die heel nodigste het.

Welwillendheid en die ontvangs van een van die geringstes, byvoorbeeld 'n kindjie, is allesbehalwe 'n onbenullige daad. Dit hou verband met Jesus. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is navolging, diens aan Jesus. "Elkeen wat so 'n kindjie in My Naam ontvang, **ontvang My**." Hierdie nederige, selfverloënde liefdesdiens teenoor die geringstes is diens aan die Seun van die mens, die Seun van God, wat weer kom in die heerlijkheid van sy Vader. Jesus spoor sy dissipels en die geadresseerdes aan om nie te stry oor wie die belangrikste onder hulle is nie, maar om die heel belangrikste te wees in hulle optrede teenoor mekaar en ook teenoor die geringes. Hulle moet die geringes sy liefde, ontferming en hulp laat ervaar (Hendriksen, 1976b:359; Broadhead, 2001:84). "En elkeen wat My ontvang, ontvang Hom wat my gestuur het." Hierdie onbenullige optrede word vir die belangrikste van almal,,, naamlik God self, gedoen. Daardie persoon is grootste en eerste in die koninkryk van God (Groenewald, 1981:109). Om die geringste te ontvang, ontvang die dissipels en die geadresseerdes die belangrikste van almal (Von Wahlde, 1985:55). Jesus begin dus in sy regstellende onderrig by die geringste, maar bring dit in verband met die belangrikste van almal, naamlik God. Uit hierdie implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging word dit duidelik dat liefdesdiens tot ons medemens en spesifiek die geringstes, soos die kindertjies, onlosmaaklik saamhang met ons liefde tot God (vgl 12:28 ev).

In sy *διακονία* het Jesus alles vir sy Vader, wat Hom gestuur het, gedoen. Sy onvoorwaardelike gehoorsaamheid of diens het sy Vader gediens en verheerlik.

Dieselfde geld vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die nederige diens van sy volgelinge. Hulle navolgingsdiens teenoor die geringstes is gerig op Jesus en God en nie op hulleself nie. In die navolging gaan dit om die eer van God in die optrede teenoor mekaar en die geringstes in die besonder. Christus leer ons dat hoe meer iemand hom verneder, hoe meer eer sal hy deelagtig word (Calvyn, 1971:52). 'n Kindjie, 'n geringgeskatte persoon is allesbehalwe gering in Jesus se oë. Geringgeskatte persone soos 'n kindjie onder sy volgelinge maar ook in die gemeenskap is vir die Seun van die mens baie belangrik. Hy dien hulle nie net deur hulle te ontvang nie; Hy was bereid om enduit vir hulle te ly en te sterf. Hy het gekom om ook hulle, soos baie ander geringes, sondaars, te verlos en hulle in 'n nuwe verhouding binne die koninkryk van God met God en hulle naaste te stel en diensbaar te maak aan sy plan. Op sulkes moet alle volgelinge van Jesus, veral leierspersone, hulle rig, want dan word God verheerlik en Jesus en God self ontvang en gedien.

5.3.4. Gevolgtrekking

Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 9:30-37 is dat elkeen van die volgelinge van die dienende Seun van die mens (vgl die 2de lydens- en opstandingsaankondiging) in nederigheid hulle medemens en veral die geringes sal dien. Die belangrikste persoon onder die dissipels en die geadresseerdes is daardie persoon wat die selfverloënende gesindheid van Jesus openbaar. Elke volgelinge van Jesus, insluitende leiers soos die Twaalf, behoort nie eersoekers te wees nie, maar nederige dienaars van die dienaars van God. Hulle moet in sy Naam dien. Hierdie diens is nie net beperk tot die kindertjies nie, maar is van toepassing op die geringstes in die kerk en die samelewing wat so smag na Jesus se liefde. Jesus het sondaarmense se belange bo sy eie belange gestel om hulle te red. Sy hele optrede getuig van die nederigste liefdesdiens. Eie posisie, eie eer of eie voordeel moet plek maak vir die gesindheid van nederige, vrywillige, selfverloënende en liefdevolle diensbaarheid wat jouself heel laaste reken ten einde die geringste en nederigste persoon wat hulp nodig het, onvoorwaardelik lief te hê. Elkeen wat Jesus wil volg of reeds 'n volgelinge is, moet die eie ek verloën of prysgee, en ter wille van die geringes in die geloofsgemeenskap en samelewing moet die eie kruis gedra word. As daar ter wille van ander gely en selfs gesterf moet word, of doodeenvoudig met die aflegging van eie belang en voordeel, posisie en status gedien moet word, moet dit vir seker gedoen word. Wie so dien, dien nie hulleself nie, maar vir Jesus en God. God wat Jesus gestuur het om te dien, stuur elkeen van sy volgelinge om hulle medemens en so vir Jesus en God self op soortgelyke wyse te dien.

5.4. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 10:32-45 ¹⁵⁰

In hierdie afdeling word die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-45 vasgestel. Markus 10:32-45 is struktureel parallel aan 9:30-37. Die tweede en derde lydens- en opstandingsprofesieë (9:30-32; 10:32-34) word beide gevolg deur die blootlegging van die dissipels se onbegrip (9:33 ev; 10:35-37) en Jesus se daaropvolgende onderrig aangaande nederigheid en diens (9:35-37; 10:42-45) (Lane, 1974:378). Markus 10:32-45 word in drie dele onderskei (10:32-34: die derde lydens- en opstandingsaankondiging), 10:35-40 (die versoek van Jakobus en Johannes en Jesus se regstellende antwoord aan hulle) en 10:41-45 (die reaksie van die 10 op Jakobus en Johannes se versoek en Jesus se antwoord aan al twaalf dissipels) (Best, 1981:120 ev; 123 ev; 128; Gundry, 1992:576). Die hoofstuk word afgesluit met gevolgtrekkings oor die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-45 vir die dissipels en die geadresseerdes van die Markusevangelie.

5.4.1. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-34

Ten einde die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-34 vas te stel word eers die onbegrip van die dissipels, daarna die derde lydens- en opstandingsaankondiging (Markus 10:32-34) hanteer. Jesus se opgaan na Jerusalem, sy lyde en opstanding word ondersoek met die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-34.

5.4.1.1. Die onbegrip van die dissipels (Markus 10:32, 35 ev, 41)

Die onbegrip¹⁵¹ van die dissipels kom drie keer in Markus 10:32-45 voor. Eers is hulle verontrus en bang (10:32). Daarna volg Jakobus en Johannes se versoek ten spyte van

¹⁵⁰ Die derde subnavorsingsvraag wat in hierdie deel behandel word, is: "Wat is die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-10:45?"

¹⁵¹ Die gebrek aan begrip by die dissipels ten spyte van al die lydens- en opstandingsaankondigings laat weereens die verskil tussen die gebeure in die verhaal en die effek van die gebeure in die verhaal op die geadresseerdes blyk. Van die geadresseerdes word verwag om nie dieselfde fout as die dissipels, naamlik gebrek aan begrip, te begaan nie (Santos, 2003:199).

die derde lydens- en opstandingsaankondiging (10:35 ev) terwyl die ander 10 dissipels verontwaardig is as hulle van Jakobus en Johannes se versoek hoor (10:41).

"Op pad Jerusalem toe het Jesus voor hulle uit geloop." Hierdie optrede van Jesus verontrus die dissipels dat Hy, wat sy lyde en sterwe so duidelik aangekondig het, doelgerig die voortou neem en Hom midde in die gevaar in Jerusalem begewe. Die verbaasde en bang dissipels volg die vreeslose voorganger Jesus (Van Bruggen, 2002:231).

5.4.1.2. Die derde lydens- en opstandingsaankondiging (Markus 10:32-34)

Soos met die eerste twee lydens- en opstandingsaankondigings neem Jesus sy dissipels weer opsy. Soos in 5:40; 9:2 en 14:33 dui die gebruik van παραλαμβάνω op 'n privaatgesprek in 'n klein groep afgesonder van die ander mense. Daar in afsondering onderrig Jesus die twaalf oor wat in Jerusalem met Hom gaan gebeur. Die woorde τὰ μέλλοντα συμβαίνειν verwys na definitiewe gebeure in die toekoms (France, 2002:412). Twee keer kom Jerusalem ter sprake: eers deur Markus (10:32) en daarna in die derde lydens- en opstandingsaankondiging deur Jesus (10:33a). Met Ἰδοὺ vra Jesus sy dissipels se aandag vir die derde aankondiging. Die nabyheid en sekerheid van die lydens- en opstandingsgebeure word deur die futuristiese praesens weerspieël (vgl Hanna, 1983:78; Gundry, 1993:572). Jesus en sy dissipels gaan op na Jerusalem, maar Jesus se opgaan na Jerusalem kan ook in kultiese sin verstaan word (vgl Schneider, 1976:519). Die Jode het "opgaan na Jerusalem" en die tempel in godsdienstige sin as opgaan om te aanbid en offers te bring, verstaan (Hendriksen, 1976b:404). Jesus gaan op na Jerusalem om te ly en te sterf, om Homself te offer (Lohmeyer, 1951:220). In Jerusalem sal die belangrikste en beslissendste deel van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging ter verlossing van baie mense vervul word (10:45).

Hierdie breedvoerigste aankondiging beeld dramaties en effektief uit wat uiteindelik in die lydensverhaal gebeur (Lenski, 1963:452; Schnackenburg, 1971:51). Jesus word eers aan die priesterhoofde en die skrifgeleerdes oorgelewer en daarna aan die heidene (10:33 & 34). Die bykomende detail in hierdie aankondiging beklemtoon die mishandeling van Jesus. Vyf opeenvolgende werkwoorde eindig in -οῦσιν, "hulle" en die vyf werkwoorde word omsluit deur twee werkwoorde wat eindig op -εται. Verder word αὐτον (hom) gewysig. 'n Datief van die direkte voorwerp word gebruik na beide κατακρίνοῦσιν, "hulle sal Hom veroordeel" en παραδώσουσιν, "hulle sal Hom oorlewer", terwyl αὐτῷ "Hom" volg na ἐμπαίξουσιν, "hulle sal met Hom spot" en ἐμπτύσουσιν, "hulle sal op Hom spoeg" (Gundry, 1993:572 ev).

Ten spyte van die skokkende mededeling dat Hy aan die Joodse leiers oorgelewer sal word, verskriklik onder hulle sal ly en ter dood veroordeel sal word, sal die Joodse leiers Hom op hulle beurt weer oorlewer aan die heidene om tereggestel te word. Die finale fase van Jesus se lyde en sterwe word uit die hande van die Jode geneem en deur die heidene voltrek (France, 2002:413). Dit verwoord die vernederende ironie dat die Messias van die Jode, deur sy eie mense veroordeel word maar deur die heidene doodgemaak word. Vier werkwoorde beskryf die optrede van die heidene teenoor Jesus, naamlik ἐμπαίξουσιν, ἐμτύσουσιν, μαστιγώσουσιν, ἀποκτενοῦσιν. Elkeen van hierdie optredes word in die lydensverhaal in Markus 15:15-25 vermeld. Alhoewel die woorde nie direk met die LXX ooreenstem nie (vgl Brenton, 1981:886 ev), weerspieël dit wat die lydende Dienaar volgens Jesaja sou ondergaan, naamlik bespot en bespoeg (Jes 50:6; 53:3; vgl ook Ps 22:7); gegesel (Jes 50:6; 53:5) en doodgemaak (Jes 53:8-9, 12 (Marcus, 1992:187 ev; France, 2002:413).

Jesus se opstanding word beskryf deur die werkwoord aan die einde van die sin. Deur middel van καὶ word die opstandingsaankondiging gekontrasteer met die voorafgaande lydensaankondiging, en die spesifieke tydstop van sy opstanding na drie dae word soos in die ander aankondigings pertinent vermeld (vgl Lenski, 1963:452). Al drie aankondigings getuig van Jesus se lydensweg wat op 'n triomfantelike noot eindig (Bolkestein, 1977:236). Markus gebruik die futurummedium-vorm van die werkwoord met aktiewe betekenis (Lenski, 1963:452 ev; Hendriksen, 1976b:406). Meer as drie keer kondig Jesus aan dat die Seun van die mens definitief sal opstaan. Uit die lydens- en opstandingsaankondigings blyk dit dat die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging met Jesus se lyde en sterwe, maar ook met sy opstanding, te make het (Best, 1986:14). Soos in die vorige aankondigings, tree die paradoksale karakter van die Seun van die mens se διακονία aan die lig (vgl Santos, 2003:198). Jesus gaan nie net voor sy dissipels uit na Jerusalem om te ly en te sterf nie. Hy gaan ook ná sy opstanding voor sy dissipels uit om hulle in Galilea te ontmoet. Hy sal voortgaan om hulle te lei en hulle sal voortgaan om Hom te volg. Die opgestane Jesus is altyd teenwoordig by sy dissipels en Hy lei hulle verder as vissers van mense (vgl Best, 1986:14 ev; 1981:121).

Die derde lydens- en opstandingsaankondiging fokus dus op Jesus en sy dissipels se opgaan na Jerusalem en die openbaring van Jesus as paradoksale Seun van die mens en die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging. Jesus is doelgerig op pad na Jerusalem. Hy stap voor sy dissipels uit. Hulle is verontrus en bang. Jesus spel vir hulle uit wat gaan gebeur. Opgaan na Jerusalem het 'n kultiese betekenis gehad, maar in Jesus se geval het dit 'n spesifieke konnotasie van opgaan om te ly, te

sterf en daarna op te staan. Dit blyk duidelik uit die derde en breedvoerigste lydens- en opstandingsaankondiging. Die klem val op sy lyde en sterwe wat uitloop op sy opstanding. Die paradoksale boodskap van Jesus dien as grondslag en dryfveer vir die paradoksale implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging. Die dissipels en die geadresseerdes van die Markusevangelie volg nie 'n dooie Verlosser nie, maar die opgestane Oorwinnaar. Sy lyde en diens loop uit op oorwinning en heerlijkheid. So loop die navolgingsdiens van Jesus se volgelingen op lyding en heerlijkheid uit. Dit is moontlik om Jesus te volg, want Jesus het deur sy onvoorwaardelike gehoorsaamheid die pad enduit vir al sy volgelingen geloop. Sy lyde, sterwe en opstanding vorm die grondslag van die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie.

5.4.2. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:35-40

Die onbegrip van Jakobus en Johannes (10:35-37) en die res van die dissipels (10:41) korrespondeer met die onbegrip van Petrus (8:32 ev) en die gestry onder die dissipels oor wie die grootste is (9:33 ev) (Evans, 2001:115). Telkens lei 'n verkeerde Messiasbeskouing en 'n verkeerde hartsgesindheid tot verkeerde gesprekke en optrede.

5.4.2.1. Die versoek van Jakobus en Johannes (Mark 10:35 & 37)

Die twee seuns van Sebedeus kom met twee versoeke, 'n inleidende en 'n hoofversoek, na Jesus. In hulle aanvanklike versoek word Jesus as διδάσκαλε aangespreek. Hulle erken dat Hy Leraar is en oor die vermoë beskik om hulle versoek te oorweeg en moontlik toe te staan. Hulle versoek in vers 37 δὸς ἡμῖν staan teenoor Jesus se weiering in vers 40, naamlik οὐκ ἔστιν ἐμὸν δοῦναι. Hulle rig aanvanklik 'n ongekwalifiseerde versoek. Hulle wil hê Jesus moet hulle versoek toestaan nog voordat Hy weet wat dit behels (vers 35). Met hierdie versoek probeer Jakobus en Johannes die rolle tussen Leraar en dissipels omkeer. Hulle vra dat Jesus vir hulle sal doen, wat hulle ook al van Hom vra (10:35) (Santos, 2003:200). Hulle wil Hom nie dien nie, maar eerder deur Hom gedien word. Hulle openbaar nie die gesindheid van selfverloëning en kruisdra nie en tree allesbehalwe soos volgelingen van Jesus op.

In antwoord op hulle versoek vra Jesus 'n sleutelvraag en wel vanuit die gesindheid en gesigspunt van die lydende Messias wat bereid is om te dien: **“Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”** (vgl Santos, 2003:200). Jesus se hele wese word in beslag geneem deur sy komende lyde en sterwe. Daar kan nie sprake van heerlijkheid vir Jesus wees voordat Hy nie eers die lydens- en die kruisweg voltooi het nie. Jesus se nederige vraag

getuig van sy diensbereidheid en sy diensbetoon. Hy is bereid om te dien deur sy lewe op te offer vir hulle en baie ander, maar hulle versoek getuig van die teenoorgestelde gesindheid. Hulle dink net aan hulleself en eie voordeel. Hierdie vraag vat Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging raak saam. Jesus se vraag korrespondeer met sy lydens- en opstandingsuitsprake, die paradoksale uitspraak oor laaste van almal en almal se dienaar wees (Mark 9:35) en die soortgelyke uitspraak oor julle dienaar en slaaf van almal wees (10:43-45). Jesus rig dieselfde vraag aan Bartimeus wat Hy aan die seuns van Sebedeus gerig het, maar ontvang totaal verskillende antwoorde (vgl 10:50). Hierdie selfde vraag aan die seuns van Sebedeus en Bartimeus onderskeidelik weerspieël dieselfde gesindheid en *διακονία* van Jesus in woord- en daadverkondiging in Markus 10:45. Uit hierdie vraag van Jesus spruit twee verdere vrae voort wat die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging verwoord. Vir God behoort gevra te word: **“Wat wil U hê moet ek doen?”** maar ook aan die medegelowige en medemens: **“Wat wil jy hê moet ek vir jou doen”**.

In hulle hoofversoek-openbaar Jakobus en Johannes die teenoorgestelde gesindheid as Jesus (10:37). Hulle is meer begaan oor hulleself as oor Jesus wat moet ly en sterf. Hulle dink aan Jesus se heerlikheid en hulle eie posisie in hierdie verband. Jesus onderrig hulle dat dit in die koninkryk van God nie om mag, status en ereplekke nie, maar om dien en gee gaan. Dien en gee is die weg waarlangs Jesus verlossing bewerk, maar dit is ook die etiek van die koninkryk (vgl Edwards, 2002:321). Jesus wys selfhandhawing, eie belang en uitsluiting van medegelowiges en die medemens af. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is selfverloëning, kruisdra, selfopofferend dien en gee, soos Jesus die lydende Seun van die mens herhaaldelik aangekondig het. Hierdie gesindheid en optrede word geëis van sy volgelinge wat in sy lyde, sterwe en opstanding glo en daarmee identifiseer.

Die frase ἐν τῇ δόξῃ σου verwys na Jesus se heerlikheid of koninklike majesteit (vgl 8:38 en 13:26; Taylor, 1987:440; vgl Evans, 2001:116). Hierdie frase word deur Brather en Nida (1981:139) soos volg weergegee: “When you sit on your throne in your glorious Kingdom” en kort saamgevat met: “When you become King”. Volgens Joodse gebruik was die plek aan die regterhand van die koning die belangrikste posisie en die plek aan die linkerkant die tweede belangrikste plek (1 Kon. 2:19; Ps 110:1). Jakobus en Johannes het waarskynlik verwag dat Jesus sy koninkryk gaan oprig en in sy heerlikheid ingaan wanneer Hy Jerusalem bereik. Alhoewel die twee dissipels vir Jesus as die Messias beskou, het hulle die aard van die koninkryk wat Hy kom oprig het, totaal verkeerd verstaan (Brooks, 1991:167 ev; Edwards, 2002:322). Die twee dissipels vra vir Jesus die topposisies of ereplekke in sy toekomstige koninkryk (Evans, 2001:116;

Taylor, 1987:440). Uit hulle versoek blyk dit dat hulle Seun van die mens slegs in die lig van Daniël 7:13 en 14 verstaan, maar nie soos Jesus dit in sy lydensuitsprake vanuit sowel die lydens- as die heerlijkheidsmotief verkondig het nie. Hulle ignoreer die lydensmotief wat die weg baan na Jesus se heerlijkheid (vgl Taylor, 1987:440). Die opstandings- en wederkoms-motief is baie belangrik en het 'n regmatige plek in die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging. Soos in Jesus se geval gaan die lyde en sterwe van Jesus as selfvernederende diens die opstanding vooraf. In die geval van Jesus se volgelingen gaan die selfverloëning en die kruisdra die heerlijkheid vooraf. Vir die volgeling loop opoffering, gee en dien uiteindelik uit op deelname in Jesus en die Vader se heerlijkheid wat met die wederkoms ewige en finale verlossing impliseer (vgl 8:38).

5.4.2.2. Jesus se beker en doop (Mark 10:38)

Jesus wys Jakobus en Johannes daarop dat hulle nie besef wat hulle vra nie en vervolg dan met 'n retoriese vraag wat nee vir 'n antwoord veronderstel. Jesus vra vir die twee dissipels: "Kan julle die beker drink wat ek drink en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?" (AV33/57 10:38) (vgl Santos, 2003:201). Hierdie vraag is chiasies gerangskik. Sleutelemente van die gestelde vraag van 10:38 kan soos volg voorgestel word:

A "om te drink" (πλεῖν)

B "die beker...." (τὸ ποτήριον)

B' "die doop" (τὸ βάπτισμα)

A' "gedoop word" (βαπτισθῆναι) (Bayer, 1986:56; Gundry, 1992:578).

Die twee dissipels verstaan nie wat Jesus vra nie en antwoord dat hulle die beker van Jesus kan drink en met sy doop gedoop word. Hulle verstaan net so min die betekenis van Jesus se beker en sy doop as wat hulle die drie lydens- en opstandingsaankondigings verstaan (Lane, 1988:202). Hulle antwoord verrai hulle gebrek aan insig nog verder (vgl Reploh, 1969:157 ev; Lane, 1974:379). Met hierdie vraag sluit Jesus by die derde lydens- en opstandingsaankondiging aan. In sy vraag kom Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in die metafoor van "sy beker" en "sy doop" na vore en dit gaan gepaard met die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging ten opsigte van hulle beker en hulle doop (10:39).

Die selfversekerde antwoord van die twee dissipels word deur Jesus afgewys met 'n sin¹⁵² wat ingelei word deur die teenstellende voegwoord *δὲ* (10:39) en 'n sin¹⁵³ wat ingelei word deur die voegwoord *ἀλλ'* (10:40). (vgl Reploh, 1969:163). Die twee dissipels is gou om ereplekke in die koninkryk van God op te eis, maar stadig om die implikasie daarvan vir dissipelskap te hoor. Jesus druk die implikasie vir Homself en vir hulle uit as 'n "beker" en 'n "doop" (vgl Edwards, 2002:322). Jesus gebruik die twee metafore van die beker en die doop om Jesus se lyding en diens, asook die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging vir sy dissipels te verduidelik (vgl Bayer, 1986:77).

Jesus verwys in twee kontekste na die beker wat Hy moet drink. Die eerste konteks is Markus 10:38 ev (par. Mat 20:22 ev). Hier verwys Jesus na sy beker en doop, maar ook na die beker en doop van die genoemde twee dissipels. Die tweede konteks waar Jesus na "sy beker" verwys, is in die Getsemaneperikoop (Mark 14:36 par. Mat 26:39; Luk 22:42) waar slegs na (sy) "hierdie beker" en nie na sy doop verwys word nie. Is Jesus en sy dissipels se beker dieselfde of moet daar onderskeid getref word, en indien wel, wat is die verband tussen Jesus en sy dissipels se "beker"? (vgl Bayer, 1986:54).

Jesus se verwysing na sy en sy dissipels se beker sluit aan by hierdie metafoor in die Ou Testament. In die Ou Testament kan "beker" 'n aanduiding (simbool) wees van blydschap en verlossing (Ps 16:5; 23:5; 116:13), maar dit kan ook 'n simbool wees van die oordeel van God (Ps 11:6; 75:8; Jes 51:17, 22; Jer. 25:15-17; 27-28; 49:12; 51:7 ens) oor die sonde (Cranfield, 1963:337; Bayer, 1986:73). In die Ou Testament word die "beker"-metafoor grotendeels figuurlik gebruik. Van die ongeveer 20 figuurlike of metaforiese verwysings na "beker" druk slegs drie 'n seënryke betekenis uit, terwyl 17 verwysings 'n onheilspellende betekenis uitdruk (vgl Bayer, 1986:71 ev). Dit is veral in die profete dat uitsluitlik na beker in 'n oordeelskonteks verwys word (Bayer, 1986:71); dit word deur God uitgeoefen en hou verband met sonde (Bayer, 1986:71 ev).

Die beeld van die beker kan op 'n feesbeker dui wat in die feessaal rondgaan. Uit Jesus se vraag blyk egter dat dit nie oor 'n feesbeker gaan nie, maar oor 'n bitter lydensbeker (Van Bruggen, 2002:235), 'n oordeelsbeker wat Jesus in die plek van sondaars tot die dood toe moet drink (vgl 10:45; 14:24) (vgl Barnett, 1991:211). Jesus verwys in Getsemane (vgl 14:36) na dieselfde "beker" (vgl Evans, 2001:117). Jesus gebruik

¹⁵² "Maar Jesus sê vir hulle" (10:39; AV33/57)

¹⁵³ "maar om te sit aan my regter- en my linkerhand,.....(10:40; AV33/57)

“beker” in die sin van die Seun van die mens wat as verlosser moet ly en sterf (Hooker, 2001:247). Die beker en doop van Jakobus en Johannes het enersyds met Jesus se beker en doop vir hulle te doen, maar ook met hulle lydensbeker en lydensdoop.

Jesus se lyde en sterwe word ook met die metafoor van sy doop weergegee. Soos water oor ’n persoon in die doop uitgegiet word, so sal Jesus ’n lydens- en sterwensdoop ondergaan (vgl Lenski, 1964:457). Jesus se antwoord aan die dissipels en sy verwysing na sy beker en doop stel sy lydenspad, maar veral die hoogtepunt en die voleinding van hierdie pad in die dood aan die kruis, aan die orde (Reploh, 1969:160). Jesus se beker en doop moet van die dissipels se beker onderskei word. Eersgenoemde dien as grondslag vir laasgenoemde (Reploh, 1969:162).

Die gebruik van die praesens kan dui op ’n beker wat Jesus alreeds besig was om te drink (Cranfield, 1963:337; Taylor, 1987:441) of binnekort sou drink (Lenski, 1964:457; Lane, 1974:377). In laasgenoemde verklaringsmoontlikheid kan die praesens futuristies gebruik word wat op die sekerheid en nabyheid van die vervulling van Jesus se lydensaankondiging dui (Gundry, 1993:577). Jesus se vraag oor sy lydensbeker en doop sluit inderdaad by die drie voorafgaande lydensaankondigings aan (Van Bruggen, 2002:235). Die lyding en dood van Jesus wat uitgedruk word deur die metafore van die beker en die doop ¹⁵⁴ behoort tot die unieke messiaanse sending van die Seun van die mens (Lane, 1988:379; Bayer, 1986:88 ev).

Jesus moet die lydensbeker wat deur God vir Hom bestem is, drink (Edwards, 2002:323), maar Hy moet ook ’n lydensdoop ondergaan. Die metafore word sinoniem gebruik (Lane, 1974:380). Die drink van die lydensbeker word in die aktiewe werkwoordsvorme beskrywe wat dui op die gewillige lyding van Jesus terwyl die passiewe werkwoordsvorme wat ten opsigte van Jesus se doop vermeld word, dui op lyding wat Hom deur God opgelê word (Lenski, 1964:457). Die twee dissipels kan nie saam met Jesus die lydensbeker drink en die lydensdoop ondergaan nie (vgl Luk. 12:50). Slegs Jesus, die lydende Dienaar en Seun van die mens, kan dit doen en ondergaan soos reeds blyk uit die drie lydens- en opstandingsaankondigings. Uit Markus 10:45 word dit duidelik waarom slegs Jesus kan doen wat niemand anders kan doen nie. Sy lydensbeker en lydensdoop is die losprys vir ander se sondes (vgl Edwards, 2002:323).

¹⁵⁴ Vgl Bayer (1986:88) oor die derde metafoor, naamlik die “uur” van die Seun van die mens, wat saam met die “beker”- en “doop”-metafore gelees moet word, as verkondiging van die lyding en sterwe van Jesus.

5.4.2.3. Jakobus en Johannes se beker en doop (Markus 10:39)

Uit die vraag van Jakobus en Johannes spreek hulle geloof in Hom as eskatologiese Here (Bolkestein, 1977:237). Hulle besef nie die implikasies van hulle versoek nie. Hulle sien die einddoel, maar nie die lydenspad daarheen nie (vgl Van Bruggen, 2002:235). Met 'n dubbele vraag wil Jesus vir Jakobus en Johannes tot die besef bring dat die pad na grootheid in sy koninkryk nie is soos hulle gedink het, by wyse van 'n dekreet of vergunning van Jesus nie, maar by wyse van die diepste vernedering (Lenski, 1964:458), lyding, opoffering en diens (Brooks, 1991:168; vgl Bolkestein, 1977:238). Jesus vra of hulle bereid is om te ly en te sterf soos Hy sou sterf (Brooks, 1991:168). Hulle sal inderdaad in sy lyde en dood deel, maar dit is slegs God wat ereplekke kan toestaan (vgl Evans, 2001:117). Alhoewel Jakobus en Johannes ereplekke langs Jesus begeer en vra, is dit ironies dat twee rowers uiteindelik links en regs van Jesus gekruisig word en nie Jakobus en Johannes nie (vgl Mark 15:27; Evans, 2001:118).

Met twee profetiese futurumwerkwoorde verseker Jesus die twee dissipels dat hulle Jesus se beker sal drink en met sy doop gedoop sal word (10:39; Lenski, 1964:459). Jesus eis van elkeen wat Hom wil volg selfverloëning en veral kruisdra (8:34; 13:9-13). Hulle beker en doop hou veral verband met die kruisdra van 'n volgeling. Ook hulle sal 'n lydensbeker, moontlik selfs 'n sterwensbeker, moet drink en 'n lydensdoop, en moontlik 'n sterwensdoop, moet ondergaan. Die dissipels sal nie alleen weet dat Jesus moet ly en sterf nie; hulle sal óók ly, ter wille van Jesus. Hulle sal vervolgt word (10:30) omdat hulle die naam van die Here dra (Santos, 2003:202). Hy ken immers sy eie en sy dissipels se bestemming en watter rol lyding daarin gaan speel (Bolt, 2004:66 ev).

5.4.2.4. Gevolgtrekking

Jakobus en Johannes verstaan nie die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging nie. Hulle verstaan nie Jesus se lyding en sterwe wat aan sy heerlikheid voorafgaan en dat navolging onlosmaaklik hiermee verband hou nie. Hulle optrede verskil radikaal van die nederige, dienswillige gesindheid en optrede van die Seun van die mens. Hulle dink nie aan Jesus of aan hulle mededissipels nie. Hulle dink net aan hulleself en eie voordeel. In aansluiting by die drie lydens- en opstandingsaankondigings beklemtoon Jesus weereens sy lyde en sterwe met sy lydensbeker en lydensdoop. Jakobus en Johannes verstaan nie die onlosmaaklike band tussen die eerste lydensaankondiging en die oproep van Jesus om jouself te verloën, jou kruis te dra en vir Jesus op hierdie wyse te volg nie. Met hierdie versoek wil die twee dissipels juis hulle lewe behou in plaas van verloor. Hulle is in hierdie stadium nie bereid om hulle lewe ter wille van Jesus en die evangelie te verloor nie (8:35). Hulle verstaan

ook nie die onlosmaaklike verband tussen die tweede lydensaankondiging van Jesus en die opdrag om af te sien van belangrikste te wees of eerste te wees nie. Die argument wat hulle onderling gehad het oor wie die grootste is, leef nog voort in hulle gedagtes. In plaas daarvan dat hulle laaste van almal en almal se dienaar is, wil hulle eerste wees en deur almal geëer en gedien word.

5.4.3. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:41-45

Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:42-45 volg op die reaksie van die ander 10 dissipels (10:41) as hulle van Jakobus en Johannes se verregaande versoek hoor (10:35 ev). Verse 41 en 42a verbind verse 35-40 (die gesprek tussen Jesus en die seuns van Sebedeus) met verse 42b-45 (Gesprek met die Twaalf). Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging is vervat in Jesus se regstellende onderrig aan al 12 dissipels (10:42-45). Soos dikwels vantevore roep Jesus sy dissipels byeen¹⁵⁵. Hy onderrig hulle oor die implikasie van sy διακονία in woord- en daadverkondiging vir hulle en die geadresseerdes van die Markusevangelie. Eers word die onbegrip van die ander 10 dissipels hanteer (10:41). Daarna wys Jesus met die oog op die onbegrip van sy dissipels, op die soortgelyke verkeerde gesindheid en optrede van wêreldse maghebbers (10:42), wat Jesus dan kontrasteer met die radikale andersoortige gesindheid en diensmotief wat sy volgelingen behoort te openbaar (10:43 & 44). Ten slotte fundeer Jesus die nuwe gesindheid en dienswilligheid van sy volgelingen in sy koninkryk vanuit sy διακονία as Seun van die mens (10:45).

5.4.3.1: Die onbegrip van die ander 10 dissipels (Markus 10:41)

Die ander 10 dissipels is verontwaardig as hulle van Jakobus en Johannes se versoek hoor (10:41). Hulle reaksie verraaie hulle ewe verkeerde gesindheid (Lenski, 1964:461; Van Bruggen, 2002:418). Jesus wys al twaalf dissipels se misplaasde en sondige gesindheid af. Ook die Tien, soos Jakobus en Johannes, het die regstellende onderrig van Jesus soos vermeld in 9:35-37 nie ter harte geneem nie (vgl Hendriksen, 1976b:413; France, 2002:418). Jesus sluit 10:42-45 by die regstellende onderrig in 9:35 ev in (Lenski, 1964:461), maar Hy doen dit breedvoeriger en bring dit pertinent in

¹⁵⁵ In die Markusevangelie word προσκαλεσάμενος dikwels as inleiding tot 'n belangrike aankondiging van Jesus gebruik (vgl 3:13, 23; 6:7; 7:14; 8:34; 10:42a; 12:43; Evans, 2001:114; France, 2002:418; Santos, 2003:203).

verband met die voorafgaande lydens- en opstandingsaankondigings en in Markus 10:45. Hulle verwagte nuwe gesindheid en diens word direk aan die Seun van die mens se gesindheid en diens as verlosser verbind. Hieruit is dit weereens duidelik dat die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging voortspruit uit Jesus se deurslaggewende διακονία in woord- en daadverkondiging.

5.4.3.2. Die wêreldse praktyk van heers/baasspeel (Markus 10:42)

Eers verduidelik Jesus hoe sy volgelinge nie behoort op te tree nie en daarna hoe hulle wel moet optree. Markus 10:42-44 bestaan uit twee teenoorstaande gedeeltes wat elkeen saamgestel is uit twee parallelle gedeeltes, naamlik vers 42 wat teenoor twee verdere parallelle gedeeltes in verse 43 & 44 gestel word (Tannehill, 1975:102 ev). Die dubbele antitetiese aforisme word gebalanseer met 'n dubbele stelling oor die heersers van die nasies in vers 42. In vers 42 word die ooreenstemmende betekenis tussen die twee helftes van die spreuk in die sinoniem parallelisme ondersteun deur 'n formele ooreenstemming οἱ ... κατακυριεύουσιν αὐτῶν; οἱ κατεξουσιάζουσιν αὐτῶν sodat 'n patroon duidelik word (Tannehill, 1975:103).

Die frase οἱ δοκοῦντες ἄρχειν τῶν ἐθνῶν word teenoor ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου gestel, terwyl οἱ μεγάλοι αὐτῶν teenoor die posisie van die Twaalf gestel word (vgl Van Leeuwen, 1928:190). Met οἱ δοκοῦντες ἄρχειν word gedui op persone wat erken word as regeerders oor die heidene (Arndt, 2000:255; Louw & Nida, 1989,1:738) en kan vertaal word met "belangrike, invloedryke, prominente persone" (Louw en Nida (1989,1:738). Sowel ἄρχειν as οἱ μεγάλοι is in hierdie konteks algemene terme vir diegene wat in 'n gesagsposisie is om hulle gesag oor ander uit te oefen (France, 2002:418 ev). "Sogenaamde regeerders" (οἱ δοκοῦντες ἄρχειν) korrespondeer met "hulle groot manne" (οἱ μεγάλοι αὐτῶν), terwyl "baasspeel oor hulle" (κατακυριεύουσιν αὐτῶν)¹⁵⁶ weer korrespondeer met "mag oor hulle misbruik" (κατεξουσιάζουσιν

¹⁵⁶ Κυριεύω en κατακυριεύω (a) word deur Louw en Nida (1989,1:478) saamgegroepeer in semantiese veld 37.50 en word deur Louw en Nida (1989,1:478) gedefinieer as heers of regeer oor, met die implikasie in sommige kontekste van oorheers en vertaal met "heers, regeer. In voetnoot 6 word deur Louw en Nida (1989,1:478) opgemerk dat κατακυριεύω (a) moontlik ietwat meer emfaties in betekenis kan wees as κυριεύω, maar dit kan nie uit die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord afgelei word nie (Louw & Nida, 1989,1:478). Die seldsame gebruik van die voorsetel κατά saam met twee werkwoorde onderskeidelik vervul 'n intensiveringsfunksie (Lenski, 1964:461). Die feit dat κατά twee keer in dieselfde parallelisme voorkom, is nie sonder betekenis nie en kan geïnterpreteer word as die uitoefen van heerskappy oor iemand tot eie voordeel (Foerster, 1976:1098).

¹⁵⁷αὐτῶν) (Santos, 2003:203). In hierdie twee sinne in die sinonieme parallelisme (vers 42) (Taylor, 1987:443) kom 'n intensivering voor wat die bepaalde praktyk onder die nasies beklemtoon. Die woord κατεξουσιάζουσιν kan eenvoudig beteken "om gesag uit te oefen, maar in hierdie verband het dit dieselfde betekenisnuanse as κατακυριεύουσιν, naamlik die uitbuiting van persone oor wie gesag uitgeoefen word (Cranfield, 1963:341; Betz, 1979:606 ev; Grundmann, 1989:293). Κατακυριεύουσιν en κατεξουσιάζουσιν gee waarskynlik uitdrukking aan die onderdrukkende en ongekontroleerde misbruik van mag eerder as die welwillende uitoefening daarvan (France, 2002:419). Hulle grotes (οἱ μεγάλοι αὐτῶν) dui op leiersfigure wat mag en gesag oor ander uitoefen (vgl Cranfield, 1963:341). Grootheid is in Jesus se tyd gedefinieer in terme van mag, brute mag. Hoe meer mag 'n persoon gehad het, hoe groter was daardie persoon. In die lig van die onderhorige situasie van Israel in daardie tyd sou hierdie onderrig van Jesus 'n besondere impak op die dissipels gemaak het (Evans, 2001:118).

Die tweede sinsnede in 10:42 sluit aan by die eerste ter wille van beklemtoning. Slegs deur ander te onderdruk, is hulle in staat om hulle heerskappy en grootheid op hulle onderdane af te druk. Jesus stel slegs die situasie wat algemene praktyk in die heidense wêreld is (vgl Lenski, 1964:461). Teen hierdie donker agtergrond stel Jesus 'n totaal ander gesindheid en optrede wat in sy koninkryk behoort te bestaan (vgl Lenski, 1964:461 ev). Jesus wil die Twaalf as leiers onder sy volgelinge uitdruklik oor voorrang in hulle geledere iets leer en hulle selfsug en afguns afwys. Alhoewel Jesus die gesagvolle gestuurde van die Vader is, is dit kenmerkend van sy hele optrede dat Hy dien (10:45), terwyl die leiers van die nasies wat die gesag die minste toekom, baas speel en hulle gesag misbruik (vgl Santos, 2003:204; Evans, 2001:113 & 115). Laasgenoemdes wil gedien word en is gestel op eer, posisie en status (vgl Hendriksen, 1976b:413). Jesus, daarenteen, al is Hy Seun van die mens en bekleed met goddelike

¹⁵⁷ Εξουσιάζω & κατεξουσιάζω kom in semantiese veld 37D (37.48 – 37.95) voor, wat as *Heers, Regeer* tipeer word. Die semantiese betekenis is semanties nabygeleë aan κυριεύω en κατακυριεύω (a) wat in semantiese veld 37.50 voorkom. Volgens Louw en Nida (1989,1:478) word ἐξουσιάζω & κατεξουσιάζω gedefinieer as "om te heers of te regeer deur gesag uit te oefen oor" en vertaal met 'om te heers, te regeer'. In voetnoot 5 by semantiese veld 37.48 wys Louw en Nida (1989,1:478) daarop dat dit moontlik is dat κατεξουσιάζω in 'n sekere sin ietwat meer emfasies in betekenis kan wees as ἐξουσιάζω, alhoewel dit nie uit die Nuwe Testamentiese kontekste afgelei kan word nie. Κατεξουσιάζω word deur Arndt, 2000:531 omskryf "om gesag uit te oefen, moontlik om te tiranniseer."

gesag, is bereid om te ly en in nederigheid te dien. Menslike eer, status, 'n ereposisie is vir Hom van geen belang nie. Wat Hy dus van sy volgelinge eis, staan lynreg teenoor die wêreldse gesindheid en praktyk (vgl vers 42), en wat juis vorendag gekom het in die versoek van Jakobus en Johannes asook in die verontwaardiging van die tien toe hulle van Jakobus en Johannes se selfsugtige versoek hoor.

5.4.3.3. Die radikaal verskillende optrede van Jesus se volgelinge (Markus 10:43 & 44)

Teenoor die sinonieme parallelisme in vers 42 staan vers 43a as 'n skerp onderbreking. Die patroon word onderbreek deur οὐχ οὕτως δέ ἐστιν ἐν ὑμῖν, 'n sin wat totaal ten opsigte van vorm (Tannehill, 1975:103) van die voorafgaande sin in vers 42 Verskil. Die patroon word egter herhaal wanneer die dubbele stelling van vers 42 gebalanseer word met die dubbele aforisme in vers 43b-44. Die twee dubbele sinne in verse 42 en 43 & 44 onderskeidelik staan in 'n teenstellende verhouding. Die patroon help die geadresseerde om die sinne met mekaar te vergelyk en so word die kontras beklemtoon (Tannehill, 1975:103). Jesus sê vir sy dissipels: "Maar by julle moet dit nie so wees nie". Die ontkenningwoord οὐχ en die teenstellende partikel δέ stel die teenstelling tussen die wêreldheersers en "julle", wat na die dissipels verwys. Die voorsetselfrase ἐν ὑμῖν ¹⁵⁸ wat drie keer in verse 43 en 44 voorkom, asook die vierde voorkoms van die tweede persoon meervoud van die persoonlike voornaamwoord (ὑμῶν), spits die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging op die dissipels se verhoudinge met mekaar toe.

Hierdie regstellende onderrig is die derde siklus¹⁵⁹ waarin die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging direk aansluit by die eerste siklus oor selfverloëning, kruisdra en aanhouvolg-opdrag (vgl 8:34 ev) en die tweede siklus oor wie die grootste onder die dissipels is (vgl 9:33 ev, veral 9:35 ev), en dien as antwoord van Jesus op die gesprek met Jakobus en Johannes oor hulle eersugtige versoek en die

¹⁵⁸ Die voorsetselfrase ἐν ὑμῖν dui op 'n unieke verhouding wat onder die dissipels as volgelinge van die Seun van die mens in die koninkryk van God bestaan en behoort te bestaan. Dit is 'n aanduiding van die dissipels as leiers van en as 'n geloofsgemeenskap wat staan teenoor die maghebbers van die koninkryke van die wêreld (vgl Van Leeuwen, 1928:190).

¹⁵⁹ In 8:35 word gesê: "Want elkeen wat wil" (ὅς γὰρ ἐὰν θέλῃ ..), in 9:35 : "As iemand wil(εἰ τις θέλει....) en in 10:43 en 44 "elkeen wat wil" (ὅς ἄν θέλῃ) . Hierdie ooreenstemmende vorm sê vir die geadresseerdes dat die uitnodiging tot dissipelskap gaan uit tot hulle en elkeen wat luister en gehoorsaam en dat elke geadresseerde die uitnodiging met groot erns moet bejeën (Santos, 2003:206).

reaksie van die ander tien dissipels daarop (10:35-41). Jesus praat met sy dissipels oor "groot wil word" en "eerste wil wees", alhoewel dit op paradoksale wyse in verband gebring word met "dienaar wees" en "slaaf wees" (Tannehill, 1975:103). Die paradoks is selfs sterker omdat vers 42 eers grootheid (leierskap) as brute mag en posisie vermeld. Daar bestaan 'n verband tussen μεγάλοι-μέγας in verse 42 en 43 (Tannehill, 1975:190). Hier word die geadresseerdes herinner aan wat grootheid in die menslike samelewing beteken. Hierteenoor staan die opvallende andersoortigheid om grootheid met 'n "dienaar" en 'n "slaaf" te identifiseer. Jesus wys die leierskapstyl van die wêreld af (Evans, 2001:119). In die geloofsgemeenskap van Jesus se leiers en volgelinge geld 'n verrassende en wêreldvreemde gesindheid en optrede.

Die frase οὐχ οὕτως δὲ ἐστὶν ἐν ὑμῖν som die etiek van die koninkryk van God op. Die praesensvorm van die werkwoord berus op goeie tekskritiese getuienis, terwyl die futurum alternatief van die werkwoord wat in sekere manuskripte voorkom nie deur sterk getuienis ondersteun word nie. Die appèl van Jesus op die dissipels en die geadresseerdes is veel sterker in die praesensvorm as die futurumvorm (vgl Metzger, 1971:108). Die natuurlike verwagtings van die gemeenskap word omgekeer en leierskap word gedefinieer deur diens soos deur 'n διάκονος en 'n δοῦλος. Aan elkeen van die mededissipels (ὑμῖν & πάντων) moet voorkeur gegee word bo die eie ek. Die woorde wat gebruik word, sluit aan by die voorafgaande gesprekke (France, 2002:419). Die woord μέγας kom hier, soos in 9:34, in die vergelykende trap voor maar dui op die oortreffende trap (Bratcher & Nida, 1961:294; Taylor, 1987:444). Soos die aforisme in Markus 8:35, is hier ook 'n dubbele spreuk. "Eerste" (πρῶτος) in vers 44 is 'n sterker vorm as "groot" (μέγας) in vers 43, want dit verwys na die heel grootste of belangrikste persoon. Die belangrikheid van πρῶτος blyk uit die plasing van hierdie woord laaste in die Griekse bysin in vers 44. Net so gee πάντων δοῦλος in vers 44 sterker uitdrukking as ὑμῶν διάκονος in vers 43. Beide hierdie frases word beklemtoon deur die plasing van die beslissende of deurslaggewende naamwoord laaste in die sin. Vers 44 sê dus dieselfde ding as vers 43b, maar sê dit met groter nadruk (Tannehill, 1975:102, 190).

Ten einde die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:43 & 44 aan te toon, word vervolgens die betekenismoontlikhede van μέγας en πρῶτος asook διάκονος en δοῦλος ondersoek. Louw en Nida (1989,1:736 ev) dui μέγας en πρῶτος in Domein 87 afdeling C met "Hoë Status of Rang (insluitende persone van hoë status) (87.19-87.57). Μέγας^d kom in subdomein 87.22 voor en word gedefinieer as "om groot te wees in terme van status" en vertaal met 'groot, belangrik' (Louw & Nida, 1989,1:736), terwyl πρῶτος^c in subdomein 87.45 voorkom en gedefinieer

word as “om van ’n hoë rang te wees, met die implikasie van buitengewone prominensie en status” en dit word vertaal met ‘groot, prominent, belangrik, vernaamste’ (Louw & Nida, 1989,1:738). Die woord ἔσχατος^b saam met ἐλάχιστος^c kom in subdomein 87.66 voor en word gedefinieer “om van die laagste status te wees” en word vertaal met ‘laagste, geringste, laaste’ (Louw & Nida, 1989,1:740). In Markus 9:35 word πρῶτος saam met ἔσχατος en διάκονος gebruik (as iemand heel eerste/die belangrikste wil wees, moet hy heel laaste en almal se dienaar wees), terwyl in Markus 10:43, word μέγας saam met διάκονος gebruik en in 10:44 word πρῶτος weer saam met δοῦλος gebruik: “As iemand die grootste wil wees, moet hy almal se dienaar wees; as iemand die heel eerste wil wees, moet Hy almal se slaaf wees”. Dit is duidelik dat Markus 10:43 en 44 dieselfde gedagte net breedvoeriger beklemtoon as 9:35.

Louw en Nida groepeer woorde wat met diens verband hou in semantiese veld 35.¹⁶⁰ Subdomeine 35.19 tot 35.30 kom onder 35B voor en word aangedui met *Dien*. Van die twaalf subdomeine wat voorkom, is subdomeine 35.19¹⁶¹ en 35.20¹⁶² van toepassing om in hierdie konteks (10:43 & 44) ’n betekenisdefinisie van διάκονος aan te dui. Uit hierdie twee betekenisdefinisies is dit duidelik dat ’n διάκονος ’n persoon is wat diens lewer en dat dit vertaal kan word met “dienaar”. Hierdie diens bestaan uit bystand of hulp wat verleen word dikwels van ’n nederige of geringe aard. As Jesus dus sê dat elkeen wat die grootste wil wees, ’n dienaar onder julle moet wees, impliseer dit dat die dissipels mekaar in nederigheid en geringheid moet dien. Elkeen moet die minste wees en soos die geringste optree; nie eie belang soek nie, maar die ander se belange voorop stel. Dit is juis die betekenis wat Jesus in Markus 9:35 daaraan heg. In 9:35 word πρῶτος (eerste of belangrikste wees) geherinterpreteer vanuit ἔσχατος en διάκονος. Die belangrikste onder die dissipels is die dissipel wat laaste of geringste in status is en bereid is om die ander in nederigheid te dien.

¹⁶⁰ 35.19 διακονέω^a serve; 35.19 διακονία^a ... service; 35.20 διάκονος^a ... servant; 35.21 διακονία^b ... ministry; 35.37 διακονέω^b ... take care of; 35.38 διακονία^c ... provision (Louw & Nida, 1989,2:59).

¹⁶¹ 35.19 Θεραπεύω^b; ὑπηρετέω^a; διακονέω^a; διακονία^a, as f: “Om te dien of te help deur bystand (ondersteuning) of hulp te verleen, deur spesifieke take te verrig, dikwels van ’n nederige of geringe aard – ’dien, diens lewer, help, diens, hulp.” (Louw & Nida, 1989,1:460).

¹⁶² 35.20 Θεράπων, οντος m; ὑπρέτης, ου m; διάκονος^a ου, m & f (afgelei van Θεραπεύω^b; ὑπηρετέω^a; διακονέω^a ‘om te dien’ 35.19) “’n Persoon wat diens lewer’ ’n dienaar.” (Louw & Nida, 1989,1:460).

Die woord δοῦλος word deur Louw en Nida (1989,1:741) in domein 87 in terme van status, maar nie in terme van diens nie, geklassifiseer. Hierdie domein word aangedui met "Status". Die Subdomeine word soos volg aangedui: A Posisie, Rang (87.1-87.3); B Eer of Respek in verhouding tot Status (87.4-87.18); C Hoë Status of Rang (insluitende persone van hoë status); D Lae Status of Rang (insluitende persone van lae status). (87.58-87.75); E Slaaf, Vry (87.76-87.86). In subdomein 87.76 word δοῦλος ου m: aangedui as "n persoon wat 'n slaaf is in die sin van om die eiendom van 'n eienaar te word" (Louw & Nida, 1989,1:741). Die afleiding kan gemaak word dat 'n slaaf waarskynlik 'n baie lae status besit en onderhewig is aan die wil van sy eienaar. Alhoewel Jesus nie letterlik 'n slaaf bedoel nie, kan die geringe en onderdanige status van 'n slaaf van toepassing wees. In die geval van die dissipels kan dit dus daarop dui dat hulle hulle ondergeskik aan mekaar stel, en dat eie belang geen rol speel nie, maar wel dat hulle die ander se belang dien. In subdomein 87.79 kom δουλεύω^a voor wat gedefinieer word as "om 'n slaaf van iemand te wees" en word vertaal met 'om 'n slaaf te wees' (Louw & Nida, 1989,1:741). Dit wil voorkom of Jesus se verwysing na δοῦλος waarskynlik nie net verband hou met die geringe status van 'n slaaf nie, maar ook met die diens van 'n slaaf. Subdomein 35.27 werp lig op δουλεύω^c en word gedefinieer as "om te dien, gewoonlik op 'n nederige wyse en in reaksie op die bevele of opdragte van ander – 'om te dien'." (Louw & Nida, 1989,1:461). Die woord δοῦλος kan saam met δουλεύω^c in subdomein 35.27 of in 'n naasliggende subdomein geklassifiseer word om uitdrukking te gee aan die diensaspek. Wie dus die heel belangrikste onder die dissipels wil wees, moet die geringste posisie of status soek en sy mededissipels dien soos 'n slaaf in nederigheid sy eienaar dien (vgl Efes. 5:21). Arndt (2000:260) gee onder andere die volgende betekenismoontlikheid vir δοῦλος: "nederige diens" in teenstelling met πρῶτος.

Die gevaar bestaan dat die dissipels en die geadresseerdes die verkeerde gesindheid en optrede kan openbaar deur die wêreldse patroon van gesag of leierskap te wil volg, in plaas van 'n koninkryksbenadering (vgl Santos, 2003:204). Jesus wil in sy koninkryk volgelingen hê wat medevolgelinge en medemens in nood dien (vgl 9:37) (Witherington, III, 2001:288). Eer-, voordeelsoekery en uitbuiting, baasspelerigheid en misbruik van gesag soos die grotes onder die heidene is nie aanvaarbaar in die koninkryk van God nie (Witherington, III:2001:288).

Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging het inderdaad te doen met grootste en belangrikste wees, maar dan in die nederige en geringe gesindheid van 'n διάκονος en δοῦλος, meer nog van dié διάκονος en dié δοῦλος (vgl 10:45). Die grootste en belangrikste wees onder die dissipels hetsy as leier tussen medeleiers (10:43 & 44) of teenoor 'n kindjie of enige ander persoon in die geloofsgemeenskap, moet gekenmerk word deur die nederige gesindheid en diens van 'n dienaar, meer nog deur die onderdanige gesindheid en status van 'n slaaf wat in die allergrootste nederigheid dien. Die onvoorwaardelike, selfverloënde, kruisdraende, navolgingspraktyk wat getuig van die Christusgesindheid en Christusgehoorsaamheid word geëis. Daar is nie plek onder die dissipels vir leiers wat eie belang en eie eer nastreef nie. In vers 45 word hierdie nederige gesindheid en onbaatsugtige diens vanuit die volmaakte versoeningsdiens van die Seun van die mens, die grootste en nederigste Dienaar ooit, gemotiveer.

5.4.3.4. Die motivering vir die navolgingsdiens (Markus 10:45)

Vers 45 is een van die belangrikste uitsprake in die Evangelies (Taylor, 1987:444). In hierdie vers trek Jesus se paradoksale διακονία in woord- en daadverkondiging maar ook die verlossingsimplikasie van sy koms en diens saam. Markus 10:45 sluit aan by die lydens- en opstandingsaankondigings (8:31; 9:9, 31; 10:32-34) asook by Jesus se gesprek met Jakobus en Johannes oor sy unieke lydensbeker en lydensdoop (10:38, 39). Uiteindelik word die sentrale dissipelskapgedeelte en die derde regstellende onderrigssiklus (10:35-45) begrond in Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:45 wat dan klimakties uitloop op en toegepas word op die genesing van die blinde bedelaar Bartimeus op Jesus en sy dissipels se pad na Jerusalem.

Hierdie vers gee die motivering vir die beslissende stelling in vers 43a ev. Wêreldse gedagtes van status en voorrang is nie aanvaarbaar in die nuwe Israel nie, omdat dit strydig is met die sending van die Seun van die mens (Cranfield, 1963:341). Alhoewel Jesus en sy dissipels se optrede duidelik onderskei word, vorm dit ook 'n eenheid. Die optrede van sy dissipels en die geadresseerdes is onmoontlik en ondenkbaar sonder die fundamentele optrede van Jesus as onselfsugtige lydende Dienaar (vgl Taylor, 1987:444). Hulle diens is altyd navolging van Hom wat volmaak in hulle plek gedien het, sodat hulle nou soos Hy kan dien. Markus 10:45 word ingelei deur καὶ γὰρ. Die voegwoord καὶ gevolg deur die redegewende partikel γὰρ dien albei as skakels met die voorafgaande verse. Die voegwoord καὶ kan met "ook" of "selfs" vertaal word (Bratcher & Nida, 1961:336; Bratcher, 1981:142). Die voegwoord word waarskynlik emfaties gebruik (vgl Taylor, 1987:444). Vers 45 word verder redegewend saam met verse 43 &

44 gebruik en word ingelei deur die redegewende partikel γὰρ. Vers 45 dien as uitgangspunt en motivering vir die navolging van Jesus deur soos 'n "διάκονος" en "δοῦλος" op te tree. Jesus het in nederigheid en geringheid gedien, maar Hy was ook volmaak onderdanig en onvoorwaardelik gehoorsaam aan sy Vader wat Hom gestuur het.

Met drie doelsinfinitiese verwoord Jesus die doel van sy koms. Teenoor die wêreldse heersers se baasspelerige en tirannieke optrede asook die dissipels se sondig-menslike ingesteldheid om eerder gedien te wil word, as om te dien en die belangrikste te wil wees, stel Jesus sy uitsonderlike διακονία as die Seun van die mens. Van selfsugtige en eersugtige motiewe was by die Seun van die mens nie sprake nie. Hy het nie gekom om gedien te word nie. Jesus, die Seun van God (1:1, 11; 9:7; 15:39), die Seun van die mens en die Seun van Dawid, die Christus het na die aarde gekom in opdrag van sy Vader (Mark 9:37) om sondaars te roep (2:17) en te dien (10:45). As die Seun van God en die Seun van die mens is Hy 'n goddelike en koninklike heerlikheidsfiguur wat geregtig is om aanbid en gedien te word. Niemand is groter en belangriker as Hy en God wat Hom gestuur het nie. Maar Hy het nie gekom om hierdie onervreembare reg vir Homself as God op te eis nie. Inteendeel, Hy was nederig en het gedien soos geen mens kan dien of gedien het nie.

Die teenstellende partikel ἀλλὰ kontrasteer die eerste doelsin met die tweede doelsin wat twee doelsinfinitiese insluit. Die Seun van die mens het Hom geopenbaar in sy διακονία in woord- en daadverkondiging deur nederige diens, die nederigste diens ooit en dit tot die dood toe. In Markus 10:45 word Jesus in aansluiting by die lydens- en opstandingsaankondigings geopenbaar as die paradoksale Verlosser, die Seun van die mens maar ook en veral as die Dienaar van God en die mense. Die tweede doelsinfinitiese stel die uitsluitlike doel van sy koms: Hy het gekom om te dien. Die derde doelsinfinitiese word voorafgegaan deur 'n καὶ epeksegetikus wat as kwalifisering dien van die wyse waarop Hy gedien het. Sy nederige, selfverloënende diens word gekwalifiseer as gee van sy lewe. Hy het vrywillig gesterwe (Bratcher, 1981:142). Die frase καὶ δοῦναι τὴν ψυχὴν αὐτοῦ word deur Arndt (2000:242) getipeer as: om jou lewe te gee, met ander woorde om jou as 'n losprys vir baie op te offer. In hierdie konteks is dit net op Jesus van toepassing as 'n daad van vrywillige selfopoffering, vrywillige gehoorsaamheid aan God (Büchsel, 1977:342). "Gekom", "dien" en "gee" dui op drievoudige wyse op die Seun van die mens se διακονία in woord- en daadverkondiging en weerspieël sy volmaakte diens wat kulmineer in sy versoeningswerk.

Die woord λύτρον kom slegs hier en in die parallelle gedeelte in Matteus 20:28 in die Nuwe Testament voor en kan weergegee word met "prys van vrylating, losprys" (Arndt, 2000:605). Louw en Nida (1989,1:488) klassifiseer λύτρον in semantiese domein 37 onder die opskrif Beheer, Heers (Control, Rule) en onderafdeling J Bevry, Vrylaat (37.127-37.138). In subdomein 37.130 word λύτρον, ου η; en ἀντίλυτρον, ου n gedefinieer as: "die wyse waarop of instrument waardeur vrylating of verlossing moontlik gemaak word" en word vertaal met 'wyse van vrylating, losprys' (Louw & Nida, 1989,1:488). Dit is die prys wat betaal word vir die vrylating van iemand, losprys (Bratcher, 1981:142). Die losprys-metafoor som die doel op waarvoor Jesus sy lewe gegee het en definieer die volkome uitdrukking van sy diens. Die onderliggende gedagte agter die metafoor is die van verlossing deur betaling (Taylor, 1987:444; Lane, 1974:383). Die gedagte van plaasvervangende verlossing deur Jesus se διακονία vind uitdrukking in die losprysmetafoor (vgl Taylor, 1987:444). Die verwysing in 10:45a na die diens van die Seun van die mens is waarskynlik 'n sinspeling op die Dienaar van die Here in Jesaja 53. Die lydende Dienaar het gewillig en versoenend gely en sy lewe gegee vir ander se sondes. Die spesifieke gedagte onderliggend aan die verwysing na die losprys vind uitdrukking in Jesaja 53:10. Hier is sprake van "hy het sy lewe 'n offer vir die sonde gemaak. Jesus as die Messiaanse Dienaar het Homself as 'n skuldoffer gegee (vgl Lev. 5:14-6:7; 7:1-7; Num. 5:5-8) in ruil (as betaling) vir die sondes van die mense (Lane, 1974:384; Büchsel, 1977:343).

Die voorsettel ἀντί plus die genitief dui op "vir" in die sin van "in die plek van" (Arndt, 2000:87; Büchsel, 1976:372 ev; 1977:342; Taylor, 1987:444). In aansluiting by Büchsel (1976:373) kan gemeld word dat die twee betekenisse baie na aan mekaar kan wees. Selfs al sou die woord met "ter wille van" vertaal word, gee dit steeds die gedagte van verteenwoordiging of plaasvervanging weer. Die opgeofferde lewe van Jesus is genoegsame prys om baie te red (Büchsel, 1976:373). Die Seun van die mens neem die plek van "baie" en daar gebeur met Hom wat met hulle sou gebeur het (vgl 8:37. Wat geen mens kan doen nie, het Jesus as die unieke Seun van die mens bewerkstellig (Büchsel, 1977:343 ev). Die baie het hulle lewe verbeur en Jesus het sy lewe in hulle plek gegee. Met sy dood betaal Jesus die prys wat die baie vry maak (Lane, 1974:384; Taylor, 1987:444). Die woord πολλῶν sonder die lidwoord kan verstaan word as 'n sekere getal of as 'n groot aantal, met ander woorde baie mense. Heelwat navorsers interpreteer hierdie substantief nie as 'n sekere getal nie, maar as 'n groot getal, want Jesus kontrasteer Hom met al die ander (vgl Bratcher, 1961:337; Cranfield, 1963:343; Calvyn, 1971:155). Die opofferende optrede van die een (in hierdie geval Jesus) kan in verband gebring word met Jesaja 53:11 ev en dit stel die kontras tussen Jesus se

opofferende διακονία met hulle vir wie dit bedoel is (vgl Taylor, 1987:445). Hieruit blyk die verreikende implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging vir die geadresseerdes wat in Hom glo of nog tot geloof sal kom. Dit kan weergegee word met "baie mense" (Arndt, 2000:848; Page, 1992:662).

Eie eer is nie ter sprake nie, maar slegs God se eer en die belang van die sondaarmense wat 'n losprys nodig het om gered te word. Die weg van baasspeel en magsmisbruik is nie die weg van God se koninkryk nie, dit is ook nie die lydensweg van Jesus en die navolgingsweg van dissipels nie (Kingsbury, 1989b:110). Jesus wil hulle leer om die dinge van God te bedink, want dan sal hulle die wil van God doen (vgl Kingsbury, 1989b:110). Jesus wys sy dissipels en die geadresseerdes daarop dat hulle slegs kan verstaan wat dit beteken om almal se dienaar en slaaf te wees as hulle Jesus, die Seun van die mens wat die lydens- en sterwenspad van diens vir ander (vir sondaars) self geloop het, se voorbeeld volg. Jesus is uniek. Hy is die enigste, die dienende Verlosser, maar ook die volmaakte rolmodel ¹⁶³ (vgl Bratcher, 1981:142). Brooks (1991:170) vat dit raak saam as hy sê: "A servant type of ministry of which Jesus himself is the best example, is set forth" (Brooks, 1991:170). As Jesus, die gesagvolle Seun van die mens, wat verdien om gedien te word, sondaars in nederigheid gedien het (10:45; vgl Evans, 2001:113), hoeveel te meer behoort hulle as sy volgelinge dieselfde pad van nederige diens as Jesus te loop (10:43-44; vgl Evans, 2001:113; Santos, 2003:207) en mekaar dien. Daarvoor het Hy gekom om hulle en baie ander wat in Hom glo te verlos van hulle sondeskuld en selfsug voor God, sodat hulle as verlore volgelinge Hom kan navolg deur selfverloënnend en kruisdraend te dien. Dissipelskap as navolging van Jesus berus op Jesus se diens, op die losprys van sy lewe wat Hy vir sy gelowiges gegee het. (Best, 1988:89; Best, 1981:128). Nie alleen is selfverloëning

¹⁶³ Die Seun van die mens se diens verskil hemelsbreed van sy navolgers se diens. Sy volmaakte plaasbekledende versoeningsdiens is uniek om elkeen wat in Hom glo se sondes te bedek. Niemand kan die losprys vir sy eie of 'n ander persoon se sonde betaal deur te dien of te sterwe nie (Santos, 2003:208). Hy het dit vir, in die plek van sy volgelinge, gedoen, sonder dat hulle iets kan bydra. Sonder sy unieke diens is hulle navolgingsdiens onmoontlik. Die gemeenskaplike aspek tussen Jesus en hulle is dat sy lewe as Verlosser en hulle lewe as verlore navolgers gekenmerk word deur een ooreenstemmende en uitstaande kenmerk, naamlik om te dien. Sy *diens* is **openbarings-, verlossings-, versoeningsdiens** terwyl *hulle diens* **navolgingsdiens** is. Op grond van Jesus se unieke diens word elke gelowige geroep tot gelowige, selfverloënnende, kruisdraende, navolgende diens.

belangrik nie, maar ook kruisdra. Ter wille van Hom en die losprys van sy lewe moet elke volgeling bereid wees om te ly en selfs te sterwe.

5.4.3.5. Gevolgtrekking

Vir die vierde keer, saam met die drie lydens- en opstandingsaankondigings, beklemtoon Jesus die doel maar ook die onafwendbaarheid van sy sterwe as διακονία om elkeen wat glo, te red, en die uitnemendste van almal, die dienaar van almal, asook van God wat Hom gestuur het, te wees. Sy διακονία bestaan in onvoorwaardelike, selfverloënde, selfopofferende verlossingsdiens. Sy diens is diens tot die dood toe. Dit is die hoogste vorm van diens, volmaakte diens. Sy diens bestaan in liefdesdiens wat gee selfs al kos dit sy lewe. As die lydende Denaar van God gee Hy sy lewe as losprys in die plek van sondaars om hulle te red.

Teenoor die praktyk wat heers onder die heerskappyvoerders van die wêreld en die verkeerde gesindheid van die dissipels, stel Jesus sy διακονία in woord- en daadverkondiging. Soos Hy nie gekom het om deur ander gedien te word nie en dit terwyl Hy daarop geregtig is en dit verdien, hoeveel te meer behoort sy volgeling Hom en hulle medevolginge asook hulle medemens nie onvoorwaardelik te dien nie. Sy volgeling behoort dus, soos Hy, nie eer en posisie te begeer nie, maar, soos Hy, met hulle liefdesdiens die minste en die nederigste te wees en hulle lewe aan Hom en God toe te wy. Dit is selfverloëning en kruisdra in navolging van die Seun van die mens wat sy lewe as losprys prysgegee het: dit is die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-45.

5.5. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 10:46-52¹⁶⁴

In hierdie onderdeel word die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:46-52 ondersoek. As wonderverhaal en roepings- of navolgingsverhaal is die Bartimeusverhaal 'n illustrasie van Jesus se διακονία maar ook van die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in die Markusewangelie. In die ontleding van Markus 10:46-52 word aanvaar dat hierdie verhaal 'n wonder- en 'n roepingsverhaal is. Sommige navorsers beskou Markus 10:46-

¹⁶⁴ Die vierde subnavorsingsvraag is: Wat is die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:46-52?

52 as 'n wonderverhaal (Kingsbury, 1989a (Christology):103 ev; Lohmeyer, 1951:224), ander navorsers tipeer dit as 'n roepingsverhaal (Achtemeier, 1978:115, 124 ev; Steinhäuser, 1982-1983:204 ev), terwyl nog ander navorsers Markus 10:46-52 as 'n wonder- en 'n roepingsverhaal beskou (Marshall, 1989:124 ev; 140 ev; Kirchschläger, 1992:1118-1119; Williams, 1994:169; Menken, 2005:278, 282 ev). Elemente van sowel 'n wonderverhaal as 'n roepingsverhaal kan onderskei word (vgl Marshall, 1989:125, 140 ev; Edwards, 2002:321).

Benewens die inleiding of agtergrondskildering tot die verhaal kan die verhaal in drie tonele onderskei word: 1) in Markus 10:46-49 word verhaal hoe die blinde na Jesus om hulp roep, terwyl die mense hom probeer verhinder. Jesus hoor hom egter roep, en roep Hom nader; 2) in Markus 10:50-52b word die gesprek tussen Jesus en die blinde man en laasgenoemde se redding deur Jesus beskrywe, terwyl 3) vers 52c die implikasie van Jesus se *διακονία* beskryf (vgl Marshall, 1989:126; vgl Williams, 1994:153). Hier vind 'n onmiskenbare wonder deur Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging plaas, maar die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging of navolging is eweneens 'n wonder. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging hou verband met Bartimeus se geloof, sy volhardende smeekroep na Jesus, die stuur van die mense om Bartimeus te roep en laasgenoemde se geloofsreaksie op Jesus se uitnodiging en *διακονία* in woord- en daadverkondiging.

Eers word agtergrondbesonderhede in die verhaal hanteer, daarna volg die optrede van Bartimeus en die mense asook die optrede van Jesus met die oog op die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging vir Bartimeus en die mense. Ten slotte word gevra na die implikasie van Jesus en Bartimeus se optrede vir die geadresseerdes van die Markusevangelie.

5.5.1. Agtergrondskildering

As agtergrondskildering word die geografiese en die karakterbesonderhede in Markus 10:46-52 hanteer. Wat **die geografiese besonderhede** betref, word die reisbeskrywing van Jesus en sy dissipels in die sentrale dissipelskapgedeelte deur Markus verder geneem. Markus heg besondere waarde aan die lokalisering van sy verhaal (Den Heyer, 1978a:93). Die twee verwysings na Jerigo en die gebruik van werkwoorde van beweging voer die reis van Jesus na Jerusalem en die kruis nog verder (vgl Best, 1981:139). Jesus se deurslaggewende *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Jerusalem kom al hoe nader. Die pad wat Jesus bewandel is onafwendbaar die pad van lyding. Jesus se ware identiteit word al hoe duideliker hoe nader Jesus aan die kruis beweeg (Hooker,

2001:252). Dit is opvallend dat niks oor Jesus se optrede in Jerigo gesê word nie. Net die noodsaaklikste word meegedeel. Jesus en sy dissipels kom in Jerigo aan en die genesing van Bartimeus vind plaas wanneer Jesus en 'n aansienlike skare Jerigo verlaat (France, 2002:422). Die διακονία van Jesus in woord- en daadverkondiging en die navolgingsimplikasie daarvan word aan die dissipels op pad, maar ook aan 'n blinde langs die pad buite Jerigo, verder gevoer. Daar is 'n kontras tussen Jesus, die dissipels en 'n aansienlike menigte enersyds wat op pad is, en die blinde bedelaar langs die pad. Die hele verhaal in Markus 10:46-52 speel af tussen die verwysing na Bartimeus παρά τὴν ὁδὸν en Bartimeus wat Jesus ἐν τῇ ὁδῷ volg (Kirchschläger, 1992:1112; vgl Den Heyer, 1978a:95).

'n Groot menigte is saam met Jesus en sy dissipels op pad. Die dissipels word slegs aan die begin van die verhaal genoem, maar hulle betrokkenheid word deurentyd veronderstel. Die gebeure op pad hou verband met dissipelskap. Die dissipels het 'n implisiete rol, maar hulle word deurentyd onder die menigte reisgenote gereken wat Jesus vergesel. Daar is 'n indirekte korrektief op die dissipels en 'n eksplisiete korrektief op baie van die mense se optrede. Mense dink en doen immers "menslik", net soos Petrus (8:32 ev), tensy hulle anders geleer en gelei word. Die korrektief op die skare se liefdelose en onsimpatieke optrede en hulle inskakeling deur Jesus in die uitreik na die blinde man, geld ook vir die dissipels en die geadresseerdes van die verhaal. Die hoofrolspelers in die verhaal is Jesus en Bartimeus. Laasgenoemde is 'n randfiguur, wat die mense betref 'n *nobody* soos die kindjie (vgl 9:36), maar vir Jesus 'n *somebody*. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging is grotendeels op Bartimeus van toepassing, maar die dissipels en die skare asook die geadresseerdes word deurentyd by die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging betrek.

5.5.2. Die eensame hulpgeroep van 'n blinde bedelaar langs die pad (Markus 10:47)

5.5.2.1. 'n Blinde bedelaar

Dit is opvallend dat vyf besonderhede oor die blinde man vermeld word. Sy naam word genoem, naamlik Bartimeus¹⁶⁵ en die dubbele apposisiestellings na sy naam, 'n blinde

¹⁶⁵ Dissipels wat deur Jesus geroep word, word by 'n paar geleenthede by die naam genoem (1:16, 19; 2:14; 3:16-19) en kan as 'n tipiese kenmerk van 'n roepingsverhaal beskou word (Marshall, 1989:141). Tog is dit merkwaardig dat 'n *nobody*, 'n geringgeskatte en onbelangrike randfiguur in die samelewing van

bedelaar, die seun van Timeus (Bratcher & Nida, 1961:338), asook dat hy langs die pad gesit het. Wat verder van belang is, is die status en ellende van hierdie man, 'n blinde bedelaar. Hy is hulpeloos en ly gebrek. Wat sy blindheid betref, kan vermeld word dat mense wat in die Bybelse tyd aan oogsiektes gely het, weinig hoop op genesing gehad het. 'n Blinde persoon was 'n toonbeeld van menslike ellende, nood en hulpeloosheid (vgl Schnackenburg, 1971:59). Daar het weinig meer vir hulle oorgebly as om te bedel (vgl Joh. 9:8). Vir 'n blinde was bedel 'n manier, indien nie die enigste manier nie om aan die lewe te bly (vgl Luk 14:13 ev, 21; vgl Schrage, 1978:287). Bartimeus het op 'n strategiese plek gesit, waarskynlik by die poort van die stad, soos bedelaars gewoon was (Den Heyer, 1978a:95). Hierdie plek het aan hom toegang verleen tot die handelaars en die pelgrims wat op pad was na Jerusalem. Van die verbygangers kon hierdie blinde bedelaar moontlik 'n aalmoes verwag (Evans, 2001:131). Hierdie gestremde man is 'n onbenullige en behoeftige randfiguur en sy menslike nood is geweldig. As hulpelose bedelaar was hy afhanklik van God en ander mense se gunste en gawes.

5.5.2.2. Die goeie nuus gehoor

Alhoewel daar slegs 5 keer in die Markusevangelie na Jesus die Nasarener¹⁶⁶ verwys word (1:9; 1:24; 10:47; 14:67; 16:6), is dit 'n belangrike benaming vir Jesus. Hierdie benaming word met sleutel- Christologiese benamings en voorstellings van Jesus aangevul, naamlik sy plek van herkoms, Doper met die Heilige Gees, Geliefde Seun

destyds, so belangrik geag word ('n *somebody*) dat heelwat besonderhede omtrent hom in die laaste genesingsverhaal in die Markusevangelie aan die geadresseerdes meegedeel word. Dit beklemtoon sy sleutelrol in die verhaal as ontvanger van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging. Jesus rig sy διακονία in woord- en daadverkondiging ook en juis op hierdie geringgeskatte randfiguur (*nobody*) op sy pad. Vir Hom is hierdie *nobody* 'n *somebody*. Die mense se benadering verskil egter aan die begin van die verhaal van Jesus se benadering. Bartimeus en die kindjie (9:36) se situasie verskil van mekaar. Die blinde se situasie is hagliker, sy nood veel groter en hy is boonop gestremd en arm, maar die blinde en die kindjie stem in hierdie opsig ooreen, naamlik dat albei persone tot die kategorie van die geringes en geringstes gereken kan word.

¹⁶⁶ Hierdie naam word in noue samehang met sy doop deur Johannes die Doper vermeld (1:9). In Markus 1:24 word Jesus as die Nasarener deur 'n bese gees aangespreek (1:24). Bartimeus hoor dat Jesus die Nasarener op pad is (10:47). Die dienaar van die Hoëpriester sê vir Petrus dat hy saam met Jesus die Nasarener was (14:67). Die engel gebruik na Jesus se kruis- en opstanding dieselfde naam en bring dit in verband met Jesus wat gekruisig en uit die dood opgewek is (16:6) (Broadhead, 1999:32).

(van God) (vgl 1:8, 9 ev), die Heilige van God, 'n gesagvolle Leraar is wat wonders doen (dien) en gedien word (1:24, ev; 29 ev, 32 ev), Jesus Seun van Dawid, Leraar, Dienaar, Wonderwerker en Verlosser (10:47 ev), verraaide, verloënde, verwerpte, gemartelde Jesus (14:53), en die gekruisigde, opgestane en vooruitgaande Jesus van Nasaret (Broadhead, 1999:32, 34-35).

Bartimeus hoor van die verbygangers dat **Jesus die Nasarener** daar verbygaan. Nie net in die Markusevangelie nie, maar ook in die ander Evangelies en Handeling word meer dikwels na Jesus die Nasireër verwys. Lukas wissel die twee terme in sy Evangelie af, maar gebruik die woord **Nasireër** in Lukas 18:37 en in Handeling 2:22; 3:6; 4:10; 6:14; 22:8; 26:9. Vir Lukas het die twee woorde sinonieme betekenis. Albei benamings hou verband met Jesus wat van Nasaret (vgl Mat 2:23; 21:11; Hand 10:38; Joh. 1:45; Rengstorf, 1979:333 ev; Schaeder, 1977:874 ev; Evans, 2001:132), 'n klein onaansienlike plekkie in Galilea afkomstig is (Den Heyer, 1978a:95). Jesus se herkoms van Nasaret is 'n teken van sy nederigheid (vgl Jh. 19:19). Jesus kom van 'n plek sonder status of aansien in die destydse wêreld. Hierdie benaming het 'n skille kontras gevorm met die aanspraak waarmee Hy onder hulle verskyn het (Rengstorf, 1979:334). Alhoewel Jesus uit Nasaret kom en mens is, word Hy ook as die Seun van God en die seun van Dawid geopenbaar: 'n paradoksale Messias en Verlosserfiguur van wie Bartimeus ontferming en redding verwag en ontvang.

In noue aansluiting by die benaming Jesus van Nasaret, is die benaming **Jesus** en Jesus Seun van Dawid. Die naam Jesus is die eienaam van Jesus en is die benaming wat die meeste in die Markusevangelie voorkom (vgl Taylor, 1987:117), waarvan nege keer in Markus 10:46-52. As eienaam dui dit Jesus Christus die Seun van God aan (1:1), maar dit is ook die Griekse vertaling van die Hebreëuse naam Josua (Louw & Nida, 1989,1:824). Dit is die naam wat gebruik word vir Jesus as Verkondiger, Wonderwerker maar by uitstek as Verlosser. In hierdie gedeelte kan die naam Jesus as eienaam in verband gebring word met die betekenis van die Naam, naamlik "die Here red" (Groenewald, 1981:17). Jesus noem Homself die lydende Seun van die mens, wat sy lewe as losprys vir baie gee en daarna opstaan uit die dood. In hierdie opsig korrespondeer die betekenis van sy Naam Jesus met sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging as Verlosser. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is dat Hy Verlosser is en verlossing vir sonde en noodlydendes en/of randfigure in die samelewing bewerk en hulle roep om Hom in sy koninkryk te volg (vgl Mark 10:52a).

5.5.2.3. Seun van Dawid ontferm U oor my

Bartimeus spreek Jesus twee keer as "Seun van Dawid" aan. Alhoewel sommige navorsers Seun van Dawid as Messiaanse benaming betwis (Johnson, 1978:195 ev; Achtemeier, 1978:131; Best, 1981:140, 143), word saam met verskeie navorsers aanvaar dat Seun van Dawid 'n belangrike benaming is, wat as Messiaanse benaming beskou kan word en wat ten nouste saamhang met die ander benamings en veral die koninklike benamings soos Seun van die mens, Seun van God en Christus (vgl Matera, 1982; Kingsbury, 1989a:47-155; Marshall, 1989:127; Nineham, 1992:286; Williams, 1994:160; Broadhead, 1999:34 ev). Met koninklike gesag word terapeutiese daade van ontferming en verlossing deur Jesus verrig (Marshall, 1989:128). Jesus is die Messiaskoning wat randfigure en noodlydendes dien (10:51).

Bartimeus spreek Jesus nie aan met die naam waarmee hy onder die volk bekend was, naamlik Jesus die Nasarener, nie, maar vanuit die Messiasverwagting wat hy ten opsigte van Jesus gekoester het, naamlik "Jesus, Seun van Dawid" (Van Bruggen, 2002:241). Hy sien as blinde (maw Hy glo) dat Jesus die Nasarener niemand minder is nie, as die Seun van Dawid. Wanneer die mense hom wederregtelik probeer stil maak, roep Hy Jesus 'n tweede keer en wel met dieselfde Messiaanse benaming "Seun van Dawid"¹⁶⁷ aan (Den Heyer, 1978a:98; Kirchschräger, 1992:1113). Benewens Jesus se verkondiging oor "die Seun van Dawid" in Markus 12:35-37 is hierdie die enigste twee keer in die Markusevangelie dat hierdie Joodse Messiaanse titel vir Jesus gebruik word. Jesus is die Messias, maar in 'n ander sin as wat die Jode verwag het (Schnackenburg, 1971:61). Dat daar 'n lyn deurloop van Petrus se belydenis van Jesus as die Christus (8:29), die twee uitroepe (10:47 & 48) van Bartimeus by Jerigo tot by die uitroepe van die mense ten tye van Jesus se koninklike intog in Jerusalem "Geseënd is die koninkryk van ons Vader Dawid wat aan die kom is" (11:10) is onmiskenbaar.

¹⁶⁷ Vir Bartimeus is Jesus die Messias. Eersgenoemde wil graag deel in die ontferming en nie die toorn van die komende Koning nie (Van Bruggen, 2002:241). Daar kan gevra word hoe Bartimeus geweet het dat Jesus van Nasaret die Seun van Dawid is? Twee moontlike redes kan aangevoer word: 1) dit is moontlik dat elke blinde persoon in Israel, insluitend Bartimeus, gehoor het van die genesing van die blinde man in Betsaida (8:22-26); 2) blinde persone, meer as baie ander het op die koms van die Messias gewag, want van die Messias is geprofeteer dat Hy die oë van die blindes sou open (Jes 35:5; Barnett, 1991:917; Brooks, 1991:174). Die benaming "Seun van Dawid" sluit dus aan by die Messiasverwagting wat in die Ou Testament rakende die huis van Dawid bestaan het (vgl Jes 11:1; Eseg 34:23; Bolkestein, 1977:247).

Bartimeus pleit by Jesus om ontferming. Die frase ἐλέησόν με kom veral in die Psalms voor (Den Heyer, 1978a:98). In die Ou Testament word hierdie smeking tot God gerig (vgl Ps 4:2; 6:3; 9:14; 40:12; 41:5,11; Jes 33:2; Marshall, 1989:128). In die Nuwe Testament word in byvoorbeeld Markus 10:47 ev (par. Mat 9:27; 17:15; Luk 17:13) 'n beroep op God se goedheid en ontferming gedoen wanneer siekes tot Jesus roep (ἐλέησόν με) (Bultmann, 1973:485). Die era van verlossing is die era van ontferming (ἐλεος)¹⁶⁸ (Bultmann, 1973:481). As 'n blinde bedelaar sou Bartimeus terdeë bewus gewees het van sy behoefte aan goddelike ontferming (Marshall, 1989:128). Hierdie noodkreet is die sprekendste samevatting van die lot wat 'n blinde destyds moes ondergaan (Schrage, 1978:287). Die noodlydende Bartimeus roep in sy hulpeloosheid tot God. Al sy hoop is op Jesus, die Seun van Dawid (Den Heyer, 1978a:98). Markus verkondig die Seun van Dawid radikaal anders as byvoorbeeld in die Psalms van Salomo 17:23 ev; 32-36¹⁶⁹ (Harris, 1909:153 ev).

5.5.2.4. Die onbegrip van die mense

In reaksie op die hulpgeroep van Bartimeus het baie mense met Bartimeus geraas en hom aangesê om stil te bly. Die bestraffing in 10:48 vorm 'n kontras met die vroeëre bevel van Jesus aan die geringer karakters om stil bly en sy identiteit geheim te hou (1:44; 5:19,43; 7:36; 8:26; vgl Best, 1981:140). In Bartimeus se geval kom die bestraffing nie van Jesus nie, maar van die skare. Die optrede van die skare herinner aan die wederregtelike bestraffing van Jesus deur Petrus (8:32), asook die dissipels wat met die mense raas wat kindertjies na Jesus gebring het (10:13) (Robbins, 1973:231 ev, 235). Dit is nie duidelik waarom die skare vir Bartimeus wou verhinder om Jesus se aandag te trek nie¹⁷⁰ (vgl Den Heyer, 1978:98). Die reaksie van die mense is egter onaanvaarbaar selfs skokkend (Bratcher & Nida, 1961:338) – en 'n onreg teenoor

¹⁶⁸ Ελεάω ἐλεέω ἔλεος, ους *n.* word deur Louw en Nida (1989,1:751) gedefinieer: "Om welwillendheid of goedgesindheid aan iemand in ernstige nood te bewys" en kan vertaal word as: "om ontferming (genade) te betoon, om jou te ontferm oor, om ontferming te bewys aan, ontferming" (vgl ook Arndt, 2000:315).

¹⁶⁹ In die Psalms van Salomo word die Seun van Dawid as 'n veggende Koning voorgestel wat Israel deur middel van politieke en militêre mag van hulle heidense vyande sal bevry.

¹⁷⁰ Dit is moontlik dat die mense wou voorkom dat Jesus opgehou word oppad na Jerusalem (Lane, 1974:388; Grundman, 1989:298) en dat Jesus nie lastig geval word deur die geroep van 'n blinde bedelaar nie (Cranfield, 1963:345; Lane, 1974:388). Dit is ook moontlik dat daar op Bartimeus neergesien is soos dikwels met die hulpeloses en die geringes gemaak word nie.

hierdie arme bedelaar. Bartimeus word gehoor as hy na Jesus roep, maar sy hulpgeroep na Jesus word met liefdelose afsydigheid en aggressie begroet. Dit is so kenmerkend van mense se optrede. Daar word neergesien op hierdie arm en gestremde man. Niemand is bereid om Bartimeus as geringe randfiguur en noodlydende in Jesus se Naam te ontvang, te help en te dien soos Jesus van sy volgelinge verwag nie (9:35-37).

Hierdie arme gestremde man het iemand nodig om sy hulpgeroep onder Jesus se aandag te bring. Hy het nodig dat iemand hom na Jesus bring of Jesus roep. Hy kan nie self regkom nie. As daar tog net iemand onder die mense of een van die dissipels is wat omgee, wat bereid is om selfverloënd te dien, wat laaste van almal en almal se dienaar (vgl Mark 9:35-37) en slaaf wil wees (10:43 – 44), wat nie gedien wil word nie, maar bereid is om te dien soos die Seun van die mens (8:31; 9:31; 10:32-34; 45; 50). Is daar dan niemand wat in die voetspore van die lydende en dienende Seun van die mens wil volg deur hierdie arme blinde bedelaar te hulp te kom nie? Die skokkende, tragiese feit is: daar is niemand nie, trouens nie onder die mense, insluitende die dissipels nie. En dit nadat Jesus sy dissipels uitdruklik onderrig het oor die implikasie van sy διακονία in woord- en daadverkondiging. Hier by Jerigo was 'n ideale geleentheid om toe te pas wat Jesus sy dissipels nou al drie keer geleer het. Die skare en die dissipels staan in die pad van die noodlydende en hulpelose randfiguur Bartimeus, 'n *nobody* wat smag na genesing en verlossing en dit terwyl hy onwrikbaar glo en selfs groter insig openbaar as die dissipels wat reeds drie keer agtereenvolgens korrektiewe onderrig ontvang het en so lank saam met Jesus is.

5.5.2.5. Bartimeus hou aan met roep

Toe Bartimeus hoor dit is Jesus van Nasaret wat verby kom, het hy begin roep ἤρξατο (Aor ind. med 3 enkelv) κράζειν (κραζω Praes inf akt roep). Twee keer smeek hy Jesus "ontferm U oor my" ἐλέησόν (Aor Imp akt) με (10:47 & 48). Die Aoristusvorm van die werkwoord wat vir ontferming gebruik word, dui op 'n handeling van Jesus se kant af wat sy nood- en lydensituasie eenmalig moet wegneem. Die negatiewe reaksie van die mense (ἐπετίμων) word in die imperfektum weergegee. Dit dui op 'n handeling (deur verskillende mense) wat in die verlede voortgeduur het (vgl Evans, 2001:132): "Baie was besig om hom te bestraf" (10:48). Hierteenoor hou Bartimeus egter aan om nog baie meer of harder te roep (ὁ δὲ πολλῶ μᾶλλον ἔκραζεν) (vgl Evans, 2001:133). Die teenstellende partikel δὲ en die imperfektum werkwoordtyd tipeer Bartimeus se teenstellende en volhardende optrede (Gundry, 1992:594).

Bartimeus hou aan roep, want hy glo (Achtemeier, 1978:124; Johnson, 1978:197). Hy oorkom hindernisse en menslike weerstand (vgl die volharding van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het (5:27) asook die Siro-Fenisiëse vrou wat Jesus vra om haar dogter te genees (7:25; vgl Williams, 1994:155 ev). Dit is juis die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging dat hierdie blinde bedelaar langs die pad nie net hoor dat Jesus van Nasaret verbykom nie, hy weet dit is Jesus, die Seun van Dawid, die Messias. Hy hoor en sien en glo al is hy nog blind. Kenmerkend van Markus se gebruik van ironie is die feit dat Bartimeus wat blind is, meer sien as die mense en die dissipels wat wel fisies kan sien (vgl Marshall, 1989:129; Hooker, 2001:253; Edwards, 2002:328). Al stel die mense Bartimeus so teleur, al kan hy van mense maar min verwag, is Jesus sy enigste hoop. Hy hou aan roep totdat Jesus hoor en sy hulpgeroep beantwoord. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging blyk uit die evangelieskrywer wat elke geadresseerde oproep tot selfondersoek (selfverloëning), maar ook tot 'n ander gesindheid en diens van die randfigure (*nobodies*) langs die pad (kruisdra). Die randfigure, die noodlydendes se hulpgeroep mag nie onbeantwoord gelaat word nie. Die geringes soos die kindertjies, die behoeftiges en gestremdes, soveel randfigure is langs die pad met 'n doel. Sodat iemand na die geroep kan luister en iets daadwerkliks in Jesus se Naam vir diegene in die allergrootste nood en ellende kan doen. Die geringstes is kosbaar in God en Jesus se oë. Soos Bartimeus ken Hy hulle elkeen by die naam en wil Hy hulle help.

5.5.2.6. Gevolgtrekking

Bartimeus, 'n blinde bedelaar sit langs die pad, die pad waarlangs Jesus verbykom. Die dissipels en die skare is saam met Jesus op pad na Jerusalem. Vir Bartimeus is daar by die mense weinig simpatie, net liefdelose geraas en die opdrag om stil te bly. Randfigure moet eerder stil bly. Hulle hulpgeroep mag nie by Jesus uitkom nie. Hulle nood en ellende en verlange na Jesus tel nie by die mense nie. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is dat Bartimeus op grond van wat hy gehoor het, in Jesus van Nasaret, die Seun van Dawid, sy Verlosser en Messias glo, en sal aanhou roep al doen die mense wat. Jesus is sy enigste hoop.

Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is ook van toepassing op die mense en die dissipels en roep hulle en die geadresseerdes op tot selfondersoek. Wie gaan iets vir die randfigure, noodlydendes, bedelaars, behoeftiges, siekes en gestremdes, vir die hulpelose *nobodies* doen? In sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging vra Jesus dringend tyd, aandag, liefdesdiens vir die hulpeloses langs die pad. Hulle nood en ellende is vir Jesus prioriteit en moet aangespreek word.

Uitgestotenes, randfigure, elke *nobody* moet na Jesus gebring word dat Jesus in sy groot mag en ontferming hulle kan dien en uit hulle ellende red.

5.5.3. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:49-52

Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging berus op die deurslaggewende optrede van Jesus as sentrale karakter in die verhaal en spesifiek in Markus 10:49-52. Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging bring 'n wending in die verhaal. Eers word die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging vir die mense op pad ontleed, waarna die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging vir Bartimeus en die geadresseerdes van die Markusevangelie aan die orde kom.

5.5.3.1. Jesus gaan staan

Jesus ignoreer nie die hulpgeroep van Bartimeus nie. Hy het immers gekom om te dien (vgl 10:45). Hierdie blinde bedelaar móét gehelp word. Ook daarvoor het Jesus met daardie pad verbygekom. In antwoord op Bartimeus se hulpgeroep gaan Jesus stil staan (vgl Arndt, 2000:482). Slegs hier word *στάς* (Aor part akt enkelv van *ἵστημι*) in die Markusevangelie gebruik vir Jesus wat stil gaan staan, stop. Die Aoristus partisipiumvorm van *ἵστημι*, naamlik *στάς* dui op 'n onderbreking van Jesus se reis. (Kirchschläger, 1992:1114). Jesus stop om die hulpgeroep van 'n mens sonder status te beantwoord ten spyte van die gerigtheid van Jesus op Jerusalem (vgl 10:32 ev). Jesus se stilstaan is merkwaardig (France, 2002:424). Hy is bereid om laaste van almal en almal, ook hierdie randfiguur se dienaar, te wees, want Hy is immers die lydende en dienende Messias en Seun van die mens.

5.5.3.2. Roep hom!

Die mense, ook die dissipels en die geadresseerdes, word geleer dat Jesus en sy volgelingen se optrede noodlydende randfiguur insluit. Soos Jesus vantevore sy volgelingen geroep het (1:17, 20; 2:14; 3:13-19), neem Jesus weer die inisiatief om Bartimeus te roep (Williams, 1994:156). Markus maak hier (soos nagenoeg 150 keer in die Markusevangelie) van die historiese praesens gebruik (Kruger, 1981:11) en verwoord die roep-aksie van die mense wat opgevolg word deur vier

praesenswerkwoorde¹⁷¹. Die praesens partisipium λέγοντες tipeer die optrede van die mense soos verwoord in die laaste drie werkwoorde. Die laaste praesenswerkwoord dien as motivering vir wat hulle sê. In hierdie verhaal val die klem op Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging. Dit is Hy wat mense stuur om Bartimeus na Hom te roep.¹⁷²

Die mense bring vir Bartimeus 'n drievoudige boodskap van hoop: "Skep moed, staan op, Hy roep jou". Drie keer word na Bartimeus verwys: "die blinde", "hom" en "jou". Hieruit blyk sy noodsituasie, die verhouding van die mense tot hom en die feit dat Jesus se uitnodiging vir die blinde (σε) persoonlik bedoel is. Dit is opvallend dat die mense wat met Bartimeus geraas het, hom probeer stilmaak het en van Jesus af wou weghou, nou deur Jesus as boodskappers na Bartimeus gestuur word. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging is dus dat Jesus mense roep en stuur om 'n boodskap van hoop vir die blinde te bring. In die mense se boodskap staan die noodlydende en sy nood en Jesus wat hoop gee sentraal en nie diegene wat gestuur word nie. Die mense is slegs dienaars van Jesus. Bartimeus word egter geroep om op te staan en na Jesus te kom om genees te word, gered te word en Jesus te volg (vgl Marshall, 1989:125, 141).

5.5.3.3. Die geloofsreaksie van Bartimeus

Bartimeus reageer op drieërlei wyse op Jesus se uitnodiging: "Hy het sy bokleed net daar gelos¹⁷³ en opgespring en na Jesus gegaan" (10:50). Uit hierdie reaksie, soos in

¹⁷¹ καὶ φωνοῦσιν (Praes. ind. akt 3 mv); λέγοντες (Praes. part. akt. Ml. mv); Θάρσει (Praes. imp akt 2 enkv); ἔγειρ-ε (Praes. imp. Akt 2 enkv); φωνεῖ (Praes. ind akt. 3 enkv).

¹⁷² Drie keer kom die woord φωνεω in vers 49 ter sprake. Dit is die woord wat met dissipelskap in verband staan (Marshall, 1989:125; Broadhead, 2001:88). Net so dui die benaming Παῖδες op die Leraar-dissipelverhouding (Achte-meier, 1978:124). Na sy genesing volg Bartimeus vir Jesus op pad (10:52). Hierdie opdrag van Jesus impliseer dissipelskap of navolging van Jesus. Jesus moet gevolg word in die uitreik na Bartimeus, maar Bartimeus word ook geroep om na Jesus te kom en Hom uiteindelik te volg.

¹⁷³ Volgens die Ou Testament was 'n persoon se bokleed een van sy waardevolste besittings. Dit word saam met waardevolle besittings soos die os, esel en skaap genoem. Die wet het verbied dat iemand wat in die skuld was, permanent van sy bokleed ontnem mag word nie. Dit moes voor sononder terugbesorg word (vgl Eks 22:26 ev; Deut 24:12 ev). 'n Bedelaar se bokleed verteenwoordig sy aardse besittings. Dit was dikwels sy enigste besitting, sy alles (Steinhauser, 1982-1983:205). Dit was gebruik onder bedelaars om hulle bokleed voor hulle uit te sprei om so aalmoese te ontvang (Lohmeyer, 1967:226; Marshall,

sy dubbele smeekroep na Jesus, die Seun van Dawid om ontferming, tree die geloof van Bartimeus na vore. Bartimeus se daadwerklike reaksie weerspieël sy gesindheid en sy opgewonde verwagting. Hy kan nie wag om by Jesus uit te kom nie, sodat Jesus aan sy versoek kan voldoen en hy as blinde uit sy ellende verlos kan word nie. Die reaksie van Bartimeus word deur Markus weergegee met twee Aoristus-partisipia wat gevolg word deur die hoofwerkwoord in die Aoristus indikatief aktief (Kirchschläger, 1992:1115). Nie net die twee voorafgaande handeling nie, maar ook die hoofhandeling verwoord die blinde se geloofsreaksie. Hy aanvaar Jesus se uitnodiging onvoorwaardelik. Dit is dus duidelik dat Jesus diegene wat in die geloof tot Hom roep vir ontferming en gelowig op sy uitnodiging reageer, in hulle nood en ellende wil help. In die verhaal word die verwagting by die geadresseerdes geskep vir Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging, waarna die verdere implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging op pad volg (10:52b).

5.5.3.4. 'n Belangrike vraag

Vers 51 word ingelui met die parataktiese partikel καὶ (vgl 10:46, 47, 48, 49, 51, 52) wat hier vertaal kan word met "toe". Die vorige deel van die verhaal word aan vers 51 verbind en dui daardie spesifieke gebeure aan wanneer die blinde hom voor Jesus bevind en Jesus met hom persoonlik praat. Jesus antwoord hom persoonlik (ἀποκριθεὶς αὐτῷ). Die voornaamwoord wat in die datief gebruik word, kan as die datief van die bevooroordeelde persoon verklaar word. Jesus spreek die blinde voor Hom met 'n uitsonderlike vraag aan: Τί σοι θέλεις ποιῆσω; Jesus vra as dienaar, dié dienaar 'n nederige maar hoopgewende vraag (vgl Van Bruggen, 2002:242; Santos, 2003:210). As die dienende Messias dra Jesus Bartimeus se belange. Jesus se doel is om te dien en die werk te volbring wat sy Vader aan Hom gegee het (1:11; 8:31 ev; 9:7, 37; 10:38;45). Jesus se hele διακονία in woord- en daadverkondiging word in hierdie uitnodigende en ontfermende vraag van Jesus verwoord. Elke mens, Bartimeus in die besonder het Jesus nodig. Daarom het hy in sy blindheid en bedelaarstatus na Jesus die Seun van Dawid geroep en gekom.

1989:141 ev; Menken, 2005:278). Kenmerkend van roepingsverhale is die wyse waarop die geroepene sy beroep en besittings agterlaat of behoort agter te laat om agter Jesus aan te gaan. Bartimeus se weggooi van sy bokleed herinner aan die vissermanne wat hulle nette agterlaat, Levi wat die tolhuis verlaat en die ryk man wat geroep word om sy rykdom agter te laat, maar nie kans gesien het om dit te doen nie (Mark 1:18, 20; 2:14; 10:21, 28 ev; Marshall, 1989:141 ev; Hooker, 2001:253). Uit die weggooi van sy bokleed kan afgelei word dat die blinde bedelaar in die geloof alles agter laat om by Jesus uit te kom, inderdaad 'n selfverloënde daad ter wille van Jesus.

Bartimeus is geen vreemdeling vir Jesus nie. Jesus is sy Ontfermer en Verlosser. Jesus het ter wille van hom gekom, net soos vir baie ander. Jesus se pad gaan doelbewus en welberekend by Bartimeus in sy nood en ellende verby, maar Jesus gaan hom as skynbaar onbelangrike randfiguur, maar ook die mense wat Jesus stuur, nie verby nie. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging lê opgesluit in die Dienaar van God se vraag (10:36, 50) wat in Markus 10:45 deur Jesus self interpreteer word: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" Hierdie vraag is 'n implikasie-ryke vraag: die vraag van die volgeling wat Jesus na die noodlydende stuur. Elke volgeling as dienaar behoort te vra: "Wat wil jy hê moet die Here vir jou doen? Wat wil jy hê moet ek as sy en jou dienaar, as sy slaaf en jou slaaf vir jou doen?"

5.5.3.5. Die blinde se hartsbegeerte

Die verhaal begin met die verwysing na ".....'n blinde bedelaar, Bartimeus, die seun van Timeus, langs die pad" (10:46). In vers 51 word Bartimeus deur Markus as "die blinde" aangedui. Die gebruik van die bepaalde lidwoord saam met die substantiewe gebruik van die byvoeglike naamwoord is opmerklik. "Die blinde" sê vir hom: Rabboeni, dat ek kan sien"¹⁷⁴. Markus bring die blinde se situasie twee keer ter sprake in sy tipering van Bartimeus as "die blinde" en ook in sy spesifieke versoek om van sy blindheid genees te word. Die blinde spreek Jesus aan as *Ῥαββουνι*¹⁷⁵. Soos Seun van Dawid¹⁷⁶ is dit 'n aanspraak van respek. Dit is moontlik dat hierdie benaming 'n majesteitsaanduiding is

¹⁷⁴ Die blinde antwoord op Jesus se uitnodigende vraag, maar nie selfsugtig en eersugtig soos die seuns van Sebedeus nie (10:37). Laasgenoemdes wil hê Jesus moet hulle dien. Hulle soek eie voordeel ten koste van hulle mededissipels. Bartimeus antwoord egter in die geloof (Brooks, 1991:172; Marshall, 1989:130, 140; Robbins, 1973:239). Bartimeus verstaan die vraag omdat hy glo, Jakobus en Johannes verstaan nog nie ten volle waarom dit gaan nie, omdat hulle in vele opsigte nog geestelik blind is. Hulle bedink soos Petrus en die ander dissipels die dinge van die mense in plaas van die dinge van God (10:33).

¹⁷⁵ *Ῥαββουνι* kom slegs twee keer in die Nuwe Testament voor (vgl Mark 10:51 en Joh. 20:16) en verwys na Jesus. In plaas van *Rabbi* & *Rabboeni* gebruik Matteus (17:4; 20:33) eerder die benaming *κύριος*.

¹⁷⁶ Die gebruik van *ἀναβλέπειν* in die blinde se versoek kan sinspeling wees op die profesie van Jesaja (29:18 ev; 35:5 ev; 42:3, 6, 7, 16 ev; 61:1 ev) en toon aan dat Bartimeus vir Jesus gesien het as die bringer van die seëninge van die eskatologiese bedeling waarop hy sy hart gesit het (Marshall, 1989:130). Volgens Jesaja sou die Messias Hom ook oor die blindes ontferm (Groenewald, 1981:123).

As Seun van Dawid is Jesus ook sy "Ontfermer". Hy verwag ontferming in sy nood en ellende en verlossing daaruit (10:47, 48) (Lohse, 1978:485; Kingsbury, 1989a:106 ev; 149 ev).

(vgl Lohse, 1975:964 ev; Kingsbury, 1989a:106). *Ῥαββουνι* is 'n erebenaming vir 'n Leraar van die Joodse Geskrifte met die implikasie van 'n belangrike persoonlike verhouding en kan weergegee word met "My Meester/Leraar" (Louw & Nida, 1989,1:416). Dit is moontlik dat Markus hierdie Aramese vorm van die woord gebruik omdat dit Bartimeus se erkenning van Jesus se ware identiteit na vore bring (vgl Marshall, 1989:128). Dit kan ook uitdrukking gee aan Bartimeus se aanvaarding van en onderwerping aan Jesus se gesag met spesifieke verwysing na Jesus as Leraar (Marshall, 1989:129). Hy glo dat Jesus as Leraar en Seun van Dawid hom van sy blindheid kan genees (10:51) (Lohse, 1975:964 ev; Kingsbury, 1989a:105 ev). Tussen Jesus en Bartimeus het 'n verhouding van Leraar en volgeling ontstaan. Na Bartimeus se genesing gaan Jesus vooruit en Bartimeus volg Jesus na Jerusalem (Lohse, 1975:965).

5.5.3.6. Jesus bewerk verlossing

Tussen die blinde se versoek, Jesus se genesing op sy versoek en die gevolg van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging bestaan 'n direkte verband. Uit Markus 10:52 kan afgelei word dat die Markusevangelie die verhouding geloof, verlossing en dissipelskap beklemtoon (Johnson, 1978:199; Kichschlger, 1992:1122). In Jesus as Seun van Dawid wat dien, kom hierdie drie sake byeen. Hy is die middelpunt van geloof, verlossing en navolging (vgl Kirchschrger, 1992:1122). Al drie aspekte het met die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in hierdie verhaal te doen. In antwoord op Bartimeus se versoek s Jesus: Gaan, jou geloof het jou gered. Die tweeledige uitspraak van Jesus om te gaan en 'n aankondiging dat jou geloof jou gered het of dat die wonder plaasgevind het, is kenmerkend van die genesingswonders in die Markusevangelie. (vgl 1:44; 2:11; 5:19, 34; 7:29; 10:52; vgl ook Mat 8:13; Luk 17:19; Theissen, 1983:67 ev). Waarom kan Bartimeus gaan? Omdat hy genees is maar ook omdat Hy glo. Soos in ander gedeeltes in die Nuwe Testament (vgl Mark 2:5; 5:34, 36; 9:23 ev 14-29; Mat 8:10; 9:29; 15:28; Luk 17:19; Hand 3:16; 14:9) blyk uit die Bartimeusverhaal dat geloof noodsaaklik is vir genesing (Johnson, 1978:199). In die Markusevangelie sluit geloof meer in as bloot vertrouwe op Jesus wat wonderwerke verrig. Jesus genees die hele mens (Foerster, 1971:990). Jesus se genesing van 'n verlamde word in verband gebring met vergewing van sondes (2:1-12; Johnson, 1978:199 ev).

Die woorde *πίστις* en *σζειν* hou ten nouste met mekaar verband en het verlossings- (Best, 1990:109) en navolgingsimplikasie. Soos Bartimeus se geloof in Jesus noodsaaklik was om genees/gered te word, so is geloof ook noodsaaklik om by

Jesus aan te sluit en Hom te volg op die pad na Jesus se dood wat volkome verlossing meebring (vgl Schnackenburg, 1971:61). Die woorde "jou geloof het jou gered" beteken dat Jesus hom red omdat Bartimeus in Jesus as Verlosser glo. Jesus openbaar Hom in sy διακονία in woord- en daadverkondiging as baie magtig en ook baie barmhartig deurdat Hy Hom oor mense in sonde en nood ontferm en na Hom toe roep (vgl Hendriksen, 1976b:420). Die perfektumvorm van die werkwoord (σέσωκέν) dui op 'n handeling in die verlede waarvan die gevolge voortduur (Kirchschläger, 1992:1117). Hierdie woord vir red kan in dubbele sin verstaan word, naamlik genees en gered (vgl Best, 1990:109; Foerster, 1971:990). "Red" dui op redding in fisiese en geestelike sin (Marshall, 1989:130). Jesus genees Bartimeus van sy blindheid, maar ook van sy sonde, omdat Hy glo.

Die een oomblik is Bartimeus nog blind en die volgende oomblik (εὐθὺς onmiddellik) kan hy sien (Hendriksen, 1976b:422). Die werkwoord ἀνέβλεψεν is 'n historiese Aoristus (vgl Perschbacher, 1989:175) wat dui op 'n gebeurtenis wat eenmalig in die verlede plaasgevind het. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging is dat Bartimeus se hele situasie radikaal verander het. Hy is vry om te gaan. Sy posisie het verander van 'n onbenullige noodlydende en randfiguur langs die pad, na 'n verlore volgeling op pad. Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging het verreikende implikasie vir hierdie eens blinde bedelaar. 'n *Nobody* (niemand) word deur Jesus se toedoen 'n *somebody*. Bartimeus ontvang toestemming om te gaan, maar ook die geleentheid om Jesus te volg (Marshall, 1989:143) wat eersgenoemde dan ook doen.

Die genesing van Bartimeus by Jerigo was die laaste genesingswonder (daadverkondiging) van Jesus voordat Hy Jerusalem bereik. Hierdie woord- en daadverkondiging van Jesus het simboliese betekenis. As Messias het Jesus gekom om blindes te laat sien (vgl Mat 11:4) en sy laaste genesingswonder voor sy kruisiging is juis om die oë van 'n blinde te genees. Die tragiese is egter dat die volk steeds geestelik blind bly. Hulle verwerp Jesus as die Messias (vgl Groenewald, 1981:123). Ook die dissipels is grootliks nog geestelik blind voor Jesus se kruis en opstanding.

5.5.3.7. Navolging van Jesus

Die verassende in die verhaal is dat Bartimeus nie weggaan van Jesus af nie, maar by Hom bly. Hy volg Jesus op die pad. Die gebruik van die imperfektum ἠκολούθει dui op 'n voortgesette handeling in die verlede. Navorsers verskil oor die interpretasie van die frase καὶ ἠκολούθει αὐτῷ ἐν τῇ ὁδῷ. Sommige navorsers interpreteer die frase bloot letterlik in die sin dat Bartimeus by die skare aansluit en agter Jesus aanloop op die pad.

na Jerusalem (Kingsbury, 1989a:104 ev; Gundry, 1992:595; Lane, 1974:389). Gundry (1992:595 ev) meen dat die enigste funksie van Bartimeus wat Jesus volg, is om die realiteit van die wonderwerk te illustreer. Volgens Pesch (1977:174) sluit Bartimeus bloot by die pelgrims op pad na Jerusalem aan. 'n Bloot letterlike interpretasie van Bartimeus se optrede na sy genesing is egter onwaarskynlik in die lig van gebruik van ἀκολουθέω in die Markusevangelie. Alhoewel ἀκολουθέω in Markus 3:7; 5:24; 11:9; 14:13 met 'n letterlike betekenis gebruik word, is daar ander gedeeltes in die Markusevangelie waar 'n metaforiese betekenis voor die hand liggend is. Ἀκολουθεῖν en ἐν τῇ ὁδῷ maak deel uit van Markus se dissipelskapterme (Marshall, 1989:142). Hierdie metaforiese interpretasie impliseer 'n persoonlike verbondenheid met Jesus en word gebruik vir individue wat vir Jesus gevolg het (1:18; 2:14,15; 6:1; 8:34; 10:21, 28, 32; 14:54; 15:41) (Marshall, 1989:142; Williams, 1994:161). Hierdie genoemde individue loop nie bloot fisies agter Jesus aan nie, maar hulle het ook sy volgeling geword wat sy opdragte gehoorsaam het (Williams, 1994:161). Heelwat navorsers verstaan Bartimeus se navolging van Jesus ook in metaforiese sin (Cranfield, 1963:346; Achtemeier, 1978:124; Best, 1981:142-143; Gnlika, 1979, II:111 ev; Johnson, 1978:202-203; Marshall, 1989:142-143; Kirchschräger, 1992:1117 ev). Bartimeus het dus nie net agter Jesus op die pad aangegaan nie, maar hy het ook 'n volgeling van Jesus geword. Die geneesde man het hom aan Jesus verbind en die nakoming van sy opdragte nagestreef (Williams, 1994:162).

Die uitdrukking ἐν τῇ ὁδῷ kom verskeie kere in die sentrale dissipelskapdeel van die Markusevangelie voor en Jesus en sy dissipels se reis word beskrywe as "op die pad" (9:33, 34; 10:17, 32, 46). Uit Markus 10:32 is dit duidelik dat hierdie reis op die pad na Jerusalem lei. Vir hom gaan dit nie bloot om sy genesing nie, maar om Jesus in wie hy glo. Hy word 'n volgeling van Jesus (Den Heyer, 1978a:100; Baarlink, 1977:98). Die verwysing na verlossing hou nie net genesing van blindheid in nie, maar ook die feit dat Bartimeus vir Jesus op pad gevolg het. Sy geloof in Jesus se mag, sy belydenis van Jesus se gesag en sy gewilligheid om Jesus te volg onderskei hom as 'n dissipel van Jesus (Hooker, 2001:253). Die mededeling oor Bartimeus wat Jesus op die pad volg, sluit dus aan by Jesus se uitnodiging in Markus 8:34 aan enigiemand wat Hom wil volg.

Die wonderwerk self word nie beskryf nie: al die aandag val op **die wonder vóór die wonder**. dat 'n hopelose mens by Jesus uitkom en in Hom die Messias ontdek, en op **die wonder ná die wonder**. dat hy die Here op sy weg volg, 'n voorloper word in die geselskap van Jesus (Barnard & Müller, 1987:272).

5.5.3.8. Gevolgtrekking

Jesus, die Seun van die mens, het inderdaad gekom om te dien (9:35; 10:43-45). Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging openbaar sy mag en ontferming en verlossingswerk. Die implikasie van sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging is dat Hy sy volgelinge roep om deur nederige diens uit te reik na noodlydendes, randfigure, gemarginaliseerdes in kerk en samelewing met 'n boodskap van hoop. Dit is die geloofs- en navolgingspad waarop Jesus sy dissipels lei, nie by die noodlydendes verby nie, maar tot by hulle, sodat hulle geroep, gehelp, gebring, genees, verlos en weer uitgestuur kan word na 'n ontelbare menigte van wagtendes langs die pad totdat Jesus weer kom. Almal in wanhoop en ellende moet gedien word. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is dat liefdelose, kortsigtige en selfsugtige mense in antwoord op Jesus se opdrag en op grond van sy verlossingswerk as die Gekruisigde wat opgestaan het, hulleself verloën, hulle kruis begin dra en Jesus volg. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 10:46-52 neem in die navolgingsdiens aan die noodlydende die sleutelvraag van Jesus as uitgangspunt: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" In die Naam en vanuit die optrede van die lydende en dienende Seun van die mens behoort elkeen wat na die noodlydende uitreik, vir laasgenoemde te vra: "Wat wil jy hê moet die Here vir jou doen?" of "Wat kan ek vir jou in sy Naam doen?"

Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is ook dat die noodlydende wat geroep word, gelowig op Jesus se uitnodiging sal reageer. Hierdie geloofsreaksie van die noodlydende mens volg op Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging. Jesus gaan nie by 'n noodlydende, 'n randfiguur, verby nie. Jesus ken sy naam. Hy roep na Hom toe. **Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is viervoudig:** die blinde man Bartimeus wat glo, word fisies van sy blindheid genees, maar ook verlos, terwyl hy ook geroep word om 'n medevolgelinge te wees wat weer uitreik met 'n boodskap van hoop na ander noodlydendes. Die verlossingsimplikasie lei dus tot 'n navolgingsimplikasie. Selfverloëning loop uit op en gaan gepaard met kruisdra: die uitlewing van die gesindheid en diens van die Seun van die mens aan mense langs die navolgingspad. So word elke volgelinge geroep om God en Jesus, sy medevolgelinge en ander mense langs die pad te dien: as 'n *somebody* by 'n *nobody*.

5.5. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Die volgende navorsingsvraag is in Hoofstuk 5 beantwoord: "Wat is die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27–10:52?" Die vierde doelwit van hierdie studie is om die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27–10:52 vas te stel. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging word uit vier perikope in Markus 8:27-10:52 afgelei, naamlik Markus 8:27-9:1, 9:30-37; 10:32-45 en 10:46-52

5.5.4. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-9:1

Uit die voorafgaande blyk dit dat die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-9:1 is om die dinge van God te bedink en nie die dinge van mense nie. Dit impliseer dat God se wil ten opsigte van die Seun van die mens aanvaar moet word. Hy moet as die lydende Christus wat moet sterf en opstaan, geglo en bely word. Deur sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging roep Jesus elkeen wat sy uitnodiging hoor om Hom te volg. Hierdie navolging impliseer selfverloëning, kruisdra as lydens- en sterwensbereidheid, en hierdie navolging moet volgehou word. Wat vir Jesus gegeld het as volmaakte en unieke Verlosser, geld vir sy verlore volgeling: onvoorwaardelike gehoorsaamheid en diens aan Jesus. Selfverloëning beteken die aflê van sondige en selfsugtige belang. Daarmee gaan kruisdra gepaard. Nie net die versaking van jou eie wil en eie belange is nodig nie, maar ook onvoorwaardelike gehoorsaamheid, diensbaarheid aan God en Jesus en sy wil, ongeag die gevolge.

Enersyds het Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging volgens Markus 8:27-9:1 **verlossings- en navolgingsimplikasie**. Jesus rig die uitnodiging tot iemand wat Hom wil volg. Vir elkeen wat hierdie uitnodiging gelowig aanvaar, wag die heerlikste vooruitsig: wie sy lewe verloor, sal dit behou. Hy sal ontmoet word deur die Seun van die mens wat kom in die heerlikheid van sy Vader en sy heilige engele. Andersyds het Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging ook 'n **oordeelsimplikasie** vir elkeen wat die uitnodiging van Jesus nie aanneem nie. Elkeen wat sy of haar lewe wil behou, sal dit verloor en word uitgesluit van die verlossing wat opgesluit is in Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging met spesifieke verwysing na sy kruis en opstanding en wederkoms. Elkeen wat hierdie uitnodiging afwys, wys die Gekruisigde wat opgestaan het en weer kom, af. Elkeen wat hom skaam vir Jesus en sy Woord, vir daardie persoon sal Jesus Hom ook skaam as Hy weer kom. Vir so 'n persoon is daar geen losprys nie.

5.5.5. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 9:30-37

Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 9:30-37 is dat elkeen van die volgelingen van die dienende Seun van die mens (vgl die 2de lydens- en opstandingsaankondiging) in nederigheid hulle medemens en veral die geringes sal dien. Die belangrikste persoon onder die dissipels en die geadresseerdes is daardie persoon wat die selfverloënde gesindheid van Jesus openbaar. Elke volgeling van Jesus, insluitend leiers soos die Twaalf, behoort nie eersoekers te wees nie, maar nederige dienaars van God. Hulle moet in sy Naam dien. Hierdie diens is nie net beperk tot die kindertjies nie, maar is van toepassing op die geringstes in die kerk en die samelewing wat so smag na Jesus se liefde. Jesus het sondaarmense se belange bo sy eie gestel om hulle te red. Sy hele optrede getuig van die nederigste liefdesdiens. Eie posisie, eie eer of eie voordeel moet plek maak vir die gesindheid van nederige, vrywillige, selfverloënde en liefdevolle diensbaarheid wat jouself heel laaste reken ten einde die geringste en nederigste persoon wat hulp nodig het, onvoorwaardelik lief te hê. Elkeen wat Jesus wil volg, of reeds 'n volgeling is, moet die eie ek verloën of prysgee, en ter wille van die geringes in die geloofsgemeenskap en samelewing moet die eie kruis gedra word. As daar ter wille van ander gely en selfs gesterf moet word, of doodeenvoudig met die aflegging van eie belange en voordeel, posisie en status gedien moet word, moet dit vir seker gedoen word. Wie so dien, dien nie hulleself nie, maar vir Jesus en God. God wat Jesus gestuur het om te dien, stuur elkeen van sy volgelingen om hulle medemens en so vir Jesus en God self op soortgelyke wyse te dien.

5.5.6. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-45

Jakobus en Johannes verstaan nie die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging nie. Hulle verstaan nie Jesus se lyding en sterwe wat aan sy heerlikheid voorafgaan en dat navolging onlosmaaklik hiermee verband hou nie. Hulle optrede verskil radikaal van die nederige, dienswillige gesindheid en optrede van die Seun van die mens. Hulle dink nie aan Jesus of aan hulle mededissipels nie. Hulle dink net aan hulleself en eie voordeel: ereplekke ten koste van die ander dissipels. Hulle is nie bereid om te dien nie, maar wil eerder gedien word. In aansluiting by die drie lydens- en opstandingsaankondigings beklemtoon Jesus weereens sy lyde en sterwe met sy lydensbeker en lydensdoop. Jakobus en Johannes verstaan nie die onlosmaaklike band tussen die eerste lydensaankondiging en die oproep van Jesus om jouself te verloën, jou kruis te dra en vir Jesus op die wyse te volg nie. Met hierdie versoek wil die twee

koninkryk van God en onder sy volgelinge geld (vgl die gemeente), geld egter per implikasie net so vir elke navolger van Jesus. Jesus stel een eis vir elkeen wat Hom volg, ongeag of jy 'n leiersrol vervul of nie. Jesus verwag van die twaalf en ander Christenleiers as navolgers om 'n voorbeeld te stel vir die ander navolgers en toekomstige navolgers. Jesus moet onvoorwaardelik gedien word en in die gesindheid van Jesus wat gedien het, nagevolg word. Elkeen wat Jesus wil volg, moet homself verloën, sy kruis dra en Jesus bly volg (8:34; 9:35-37; 10:43-45). Wie die grootste wil wees, moet almal se dienaar wees en wie eerste wil wees moet almal se slaaf wees.

5.5.7. Die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:46-52

Uit die ondersoek na die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in Markus 10:46-52 blyk dit dat mense, insluitende die dissipels en die geadresseerdes, negatief kan optree teenoor randfigure in die samelewing en in die kerk. Daar behoort gevra te word na die wil van God en nie wat mense wil hê nie. Uit die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging is dit duidelik dat Jesus in sy koninkryk nie noodlydendes verbygaan nie, maar hulle hulpgeroep hoor, mense na hulle stuur en hulle na Hom roep. God gee 'n boodskap van hoop vir die *nobodies*, trouens vir almal wat verlossing so nodig het. Die verlossingsimplikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging het 'n onlosmaaklike navolgingsimplikasie waarin die diensmotief sentraal staan.

Soos Jesus met goddelike liefde en ontferming geluister het na 'n noodlydende en vergete randfiguur, moet elke volgeling luister na die hulpgeroep van ander noodlydendes en randfigure wat na verlossing smag en op Jesus daarvoor wag. God gee deur elke volgeling as dienaar hulp, hoop, 'n nuwe lewe. Elke noodlydende moet geroep word na God en Jesus (vgl 8:34-38). Die behoeftes van die noodlydende behoort behoorlik in God se Naam aangespreek te word. In God se naam behoort die vraag van Jesus gevra te word: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?". Dit is wel die volgeling wat dien, maar daar word in God en Jesus se Naam gedien. Wanneer God die redding bewerk, word die verlose as volgeling meegeneem met die opdrag: Gaan! Volg Jesus! Dien God, medegelowiges, medemens in Jesus se voetspore. Die kerk is 'n missionêre kerk met 'n boodskap van hoop vir almal wat dit hoor, glo en smekend daarna smag. Elke verlose kan nie anders as om 'n navolger te wees wat ander mense in nood en ellende dien nie.